

Dagstukkies 14
Inspirerende Gedagtes
uit Die Woord
VOLUME 14
Danie Nell

# DAGSTUKKIES

# (NOMMER 14)

**Om te dink dat ek al 1300 Dagstukkies uitgestuur het!**

**Dit word gebruik in Selgroepe en as Preke.**

**Op hierdie stadium stuur ek amper 900 Dagstukkies elke Maandag, Woensdag en Vrydag.**

**Ek bly die Here eer vir hierdie voorreg wat ek het om Sy Woord uit te stuur na almal wat dit waardeer. Selfs op Facebook.**

Danie Nell (Jeffreysbaai)

Epos adres: danie.nell1937@gmail.com

ISBN 978-0-620-55271-4

**Ons weet wie gaan wen!**

**Johannes 14:30** Die Boodskap: Jesus het gesê: *"Die tyd vir praat raak nou min. Die duiwel maak reg vir sy aanval. Party mense dink mos hy is baas in die wêreld. Maar hy staan nie die geringste kans nie. Hy het klaar verloor, want hy het nie 'n houvas op My nie."*

**John 14:30** The Amplified Bible: *"I will not talk with you much more, for the prince...of the world is coming. And he has no claim on Me. [He has nothing in common with Me; there is nothing in Me that belongs to him, and he has no power over Me.]"*

In ons teks leer ons dat die duiwel hom gereedmaak vir 'n groot aanval op die mensdom. Daarom het die bose hierdie Corona virus gestuur. Om te dink daar is mense wat glo hy is baas in die wêreld. Ek stem saam met ons teks wat sê dat die duiwel nie 'n kans staan om te wen nie. Weet jy hoekom glo ek dit? Omdat ek die Bybel deurgelees het, en ek weet wie gaan wen. God gaan wen, asook Sy kerk.

In Matt. 16:18 het Jesus vir Petrus gesê dat Hy sy kerk op 'n rots sal bou en dat die magte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie. Dank God, ons as gelowiges wat Sy kerk is, sal nie deur die vyand oorweldig word nie. Het jy gehoor wat is geskrywe in ons teks? Die duiwel het klaar verloor – al probeer hy wys dat dit nie die geval is nie.

Wat ook al jou uitdagings vandag is, motiveer jouself om van uit 'n wen posisie op te tree. Ons tree soms op asof ons nog eendag moet wen. Verander jou leefwyse en tree op asof jy reeds gewen het. Jesus Christus het klaar oorwin by Golgota en toe Hy opgestaan het uit die graf. Ons is meer as oorwinnars.

Lees weer Efesiërs een en weet wat jou posisie in Hom is.
Jy is geseënd, vergewe, gesalf met Sy Gees en uitverkies.
Leef soos iemand wat God se beloftes ten volle glo.

**Jy is nie meer skuldig nie!**

**Romeine 3:23,24** Die Lewende Bybel: *"**(Vers 23)** Almal het sonde gedoen en daarom kan hulle nie uitkom by die wonderlike dinge wat God vir ons bestem het nie. **(Vers 24)** Maar God doen aan hulle goed, al verdien hulle dit nie, en Hy verklaar dat hulle nie meer skuldig is nie omdat Jesus Christus die prys betaal het om hulle vry te maak."*

Dit is treffend hoe baie mense ken vers 23, en hoe min ken vers 24. In die 1953 vertaling staan geskrywe: *"…want almal het gesondig…"* Hierdie is 'n werklikheid. Maar die waarheid is dat ons deur God se genade, sonder enige verdienste, gered is deur die prys wat Jesus vir ons betaal het.

Daar is baie Christene wat volkome vergewe is en tog nog hulself bevind agter tralie deure. Ek praat nou geestelik. God het hulle vry verklaar en tog stap hulle nie uit hulle geestelike tronksel nie. Miskien is daar iemand met wie jy **Rom. 3:24** vandag moet deel? Dit is wonderlik, dat al verdien ons dit nie, doen die Here aan ons goed. Daarby verklaar Hy ons vry van die skuld wat sonde op ons gelaai het.

Ek sal nooit vergeet hoe ek as sestien jarige my lewe aan Jesus gegee het. Dit was op 'n bosveld plaas anderkant Polokwane (Pietersburg) op 'n Sondagaand. Daardie Maandag het ek wakker geword met 'n hart wat oorloop van vreugde omdat ek net geweet het my sondes is vergewe en ek is nou God se kind, volgens 1 Joh. 1:9 en ook Joh. 1:12. Ek kon nie stilbly nie en het my blydskap met baie gedeel.

Ek wil glo ek gesels met iemand wat ook vrygemaak is.
Onthou dit is sonder verdienste en bloot deur Sy genade.
Besluit om jou getuienis met iemand te deel.

## Praat deur jou oë

**Spreuke 15:30** *"Stralende oë bring blydskap, goeie tyding verkwik 'n mens."*

Onlangs het 'n Kardioloog iets treffend vir ons gesê, naamlik dat ons as gelowiges moet met mense praat deur ons oë. Veral in hierdie tyd waar ons almal maskers dra tydens die pandemie. Mense het vreemdelinge vir mekaar geword. Almal hardloop vinnig in en uit by die winkels en het nie tyd om mekaar eers behoorlik te groet nie. Dit is asof ons ook bang geword het vir mekaar.

Ek wil saamstem dat ons nou moet leer om met ons oë te praat. Mense moet in ons oë 'n boodskap van hoop kan sien. Spanning en moedeloosheid is aan die orde van die dag. Nie net oor die pandemie nie, maar die onrustige toestand in ons land. Persoonlik glo ek dat God 'n mooi plan het vir Suid Afrika. Nie net omdat daar 'n teks in dié verband geskrywe staan in Jer. 29:11 nie, maar omdat daar al baie profesieë oor ons land gekom het, dat God 'n vlam hier gaan aansteek wat die hele Afrika asook die wêreld gaan bereik. Miskien weet jy ook van hierdie profesieë?

Geen wonder dat Jesus die volgende stelling gemaak het in Matt. 6:22 *"Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal die hele liggaam verlig wees."* Ons oë moet nie net lig bring in ons eie binneste nie, maar ons oë moet mense wat ons ontmoet ook hoop en moed gee vir die toekoms. Laat jou oë doen wat jy nie nou met jou mond kan doen nie – omdat dit met 'n masker bedek is.

Hoe weet jy jou oë is reg? As daar nie donkerheid in jou is nie. Maak seker jou oë is reg, dat jy die lig wat in jou is kan oordra. Mag daar altyd hoop en moed straal vanuit ons oë.

**Jesus se gebed in Johannes 17**

**Johannes 17:15-17** Die Lewende Bybel: *"Ek bid nie dat U hulle tussen die ongelowige mense moet wegneem nie maar dat U hulle teen die duiwel moet beskerm. Hulle is nie deel van die ongelowige mensdom nie net soos Ek ook nie deel daarvan is nie. Werk in hulle deur U woord wat die waarheid is sodat hulle aan U alleen sal behoort."*

Die gebed wat Jesus vir ons in Johannes 17 gebid het is iets wat ons gereeld met aandag moet lees. Volgens wat Jesus hier gebid het is ons wat in Hom glo nie deel van hierdie wêreld nie. Jesus vra Sy Vader om ons nie uit hierdie wêreld weg te neem nie, maar dat ons bewaar sal word van die bose.

Die rede hoekom jy tussen ongelowiges moet woon en werk, is om hulle te bereik met die blye boodskap van die evangelie. Hierdie is die rede dat God jou nie gered het en dadelik hemel toe geneem het nie. Daar is baie kinders van die Here wat moeg geword het vir hierdie wêreld se probleme, en verlang na die hemel. Hoe verlang ons almal na Jesus se wederkoms! Dit sal wonderlik wees indien Hy ons kan kom haal sodat ons ewig by Hom sal wees nie.

Jesus het die volgende vir ons gebid: *"Werk in hulle deur U woord wat die waarheid is sodat hulle aan U alleen sal behoort."* Daar is baie dinge wat 'n "werklikheid" is, maar ek is so dankbaar dat God se woord die "waarheid" is. En in Joh. 8:32 het Jesus gesê dat ons die waarheid sal ken (dit is Sy woord) en dat die waarheid ons sal vrymaak. Daarom vra ek jou om nie net die werklikheid te glo – soos 'n siekte wat jy mag hê – maar glo die waarheid van Sy woord in 1 Petrus 2:24.

Neem kennis: In Johannes 17 het Jesus vir ons gebid.
Weet ook dat Hy nog steeds vandag vir ons bid. (Rom. 8:34)
Sy gebed is nog dat ons van die bose bewaar sal word.

## Net God kan ons bewaar

**Johannes 17:11** *"En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in U Naam die wat U my gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons."*

My boodskap aan almal is dat elkeen moet goed kyk na hulleself en glo in Psalm 91. Net God kan ons bewaar in hierdie tyd van die pandemie wat soos 'n nagmerrie oor die aarde gekom het. Graag wil ek vandag vir jou 'n gebed doen – en dit kom diep uit my hart.

*"Onse hemelse Vader, ek wil graag bid vir elkeen wat my Dagstukkies lees. Hierdie pandemie het ons as mens onkant gevang, maar dit weet ek Here, U word nooit onkant gevang nie. Ek voel soos koning Josafat wat besef het die oormag wat teen sy volk gekom het was te groot. Soos wat hy uitgeroep het in 2 Kron. 20:12, wil ek uitroep tot U en sê: Onse God, in ons is geen krag en weerstand teen hierdie wrede pandemie nie, ons weet soms nie wat om te doen nie, maar ons oë is op U Here, ek weet dat U Heilige Gees groter en sterker is as enige bose gees wat losgelaat is op aarde. Daarom vra ek Vader, vir ons almal wat in U glo, dat U ons sal bewaar van die bose. Gee aan ons 'n magtige fisiese en geestelike deurbraak op aarde, sodat almal sal weet daar is 'n God soos U wat alleen geprys en geëer moet word. Hemelse Vader ek bid vir hulle wat siek is aan Covit19, dat U hulle geheel-en-al sal genees. Ek bid ook vir hulle wat reeds geliefdes aan die dood afgestaan het, dat U hulle sal troos en versterk vir die pad vorentoe. Vader ek bid al hierdie dinge in die Naam van Jesus Christus, en weet dat U my hoor! Amen."*

Dank God dat ons vir mekaar kan bid.
Ook dat ons mekaar se laste kan help dra.
Reik uit na hulle in nood – al is dit oor jou foon!

# Wat God kan doen in een dag!

**Psalm 105:37** *"Toe het Hy (God) sy volk (Israel) uitgelei, belaai met silwer en goud. In geeneen van die stamme het iemand uitgesak nie."*
The Living Bible vertaal dit: *"…and there were no sick and feeble folk among them."*

Indien jy iemand beskryf as "feeble" dan meen jy hy is swak. Israel was nie swak toe hulle uitgetrek het uit Egipte nie. Kan dit tog waar wees nadat hulle vir 430 jaar slawe in Egipte was en baie mishandel was? Ek glo God het 'n bonatuurlike wonder van genesing vir Israel gedoen – en dit nogal in een nag. Daarom hou ek van die vertaling van "The Living Bible" hierbo. Dink mooi oor hierdie gedeelte in die Bybel.

Jy sien, God kan in een dag magtige wonders doen. Dink ook aan Josef wat in die tronk was vir dertien jaar. Lees gerus weer Gen. 41:39-44. In een dag het God vir Josef verhoog uit die gevangenis tot eerste Minister van Egipte. Let op dat ek nie gesê het Farao het dit gedoen nie, maar God het. Want God het Farao gebruik hierin.

Dieselfde God wat Israel in een nag verlos het uit Egipte – en ook Josef in een dag verhoog het – is ook onse God wat kan ingryp in ons omstandighede soos vandag. Hy het die mag om in een dag die toestand in ons wêreld totaal te verander. God kan hierdie pandemie totaal vernietig en genesing bring oor die ganse aarde.

Vra ek teveel as ek hierdie boodskap aan jou stuur?
Ons dien mos die God wat die onmoontlike kan vermag.
Hy het beloof as ons saamstem, sal ons ontvang. (Matt. 18:19)

## Gee met die regte gesindheid

**2 Korintiërs 8:12,13** Die Boodskap: *"Die belangrikste van alles is dat julle geld met die regte gesindheid sal gee. Dan maak julle God se hart sommer baie bly. Natuurlik vra God nie meer van julle as wat julle besit nie. Nee, dra net tot die fondsinsameling by uit die geld wat julle tot julle beskikking het. Julle hoef regtig nie elke sent op julle naam weg te gee nie."*

Paulus praat in ons Skrif met baie arm Griekse gelowiges rakende hulle bydrae vir die Christene in Jerusalem wat ook baie swaar gekry het. Hy leer hulle hoedat hulle moet gee. Terwyl kerke se deure gesluit is en ons nie tans ons offerandes by 'n kerkdiens kan gee nie, moet ons nie vergeet om aan ons gemeente ons bydrae te maak nie. Hulle maandelikse uitgawes is nog steeds daar – kom ons dra by waar dit moontlik is. Paulus stel dit so duidelik in Hand. 20:35 *"Dit is saliger om te gee as om te ontvang."*

Moenie gee as dit swaar is vir jou om te gee nie – gee met 'n dankbare hart. Want in 2 Kor. 9:7 lees ons dat God 'n blymoedige gewer lief het. As dit jou seermaak om te gee, sal jou gee nie veel beteken nie. Gee (al het jy min) met oorgawe en met dankbaarheid. Ons het tog so baie om oor dankbaar te wees. Tel jou seëninge dan sal jy sien hoe baie dinge jy het om lof aan die Here te bring.

Jesus leer ons hoe belangrik dit is om te gee, en wat sal die gewer ervaar. Ons lees dit in Lukas. 6:38 *"Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."*

Elke dag sien ons mense wat in nood is, en dit spreek tot ons.
Gee net wat tot jou beskikking is en luister na jou hart.
Maak seker dat jou gesindheid reg is wanneer jy gee.

# Wees soos 'n fontein

**Johannes 4:14** Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou by die put: *"Jesus sê vir haar: Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe."*

Die boodskap is dat ons moet toelaat dat die geestelike fontein wat in ons is sal uitvloei na buite. Jy kan nie vullis by die mond van 'n fontein ingooi nie. Die krag van die water wat uitvloei sal die fontein beskerm en reinig sodat onsuiwerhede van buite nie kan inkom nie. Die geestelike fontein wat in jou is werk op dieselfde manier. Indien jy toelaat dat dit wat God in jou gesit het deur Sy Gees, sal uitvloei na buite, sal enige onsuiwerheid nie kan inkom in jou lewe nie.

Sorg dat die fontein in jou sal vol wees van liefde, vreugde, vrede, geduld, goedheid, geloof, sagmoedigheid en selfbeheersing – volgens Gal. 5:22. Laat hierdie geseënde eienskappe altyd uitvloei uit jou lewe. Die Boodskap vertaal ons teks met: *"Die water wat Ek vir hom sal gee, sal in 'n fontein binne-in hom verander. Hierdie borrelende, lewende water sal maak dat hy vir ewig sal lewe."*

Ons moet nooit 'n "ashoop" wees waar mense hulle "vullis" sal kom aflaai nie. Maar wees 'n "fontein" vir die Here, waar alles wat mooi is sal uitvloei na ander wat dit so nodig het. Dit sal gebeur indien jy jou verhouding met Jesus op datum hou.

Die belofte in ons teks geld vir hulle wat dors het.
Ek hoop jy het 'n dors om te drink van die lewende water?
Bid ook vir jou geliefdes om 'n groter dors na God te kry.

## Jy is ‘n nuwe mens

**2 Korintiërs 5:17** *"Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die ou dinge is verby, die nuwe het gekom."*
Die Boodskap: *"Nou weet ek dat wanneer iemand aan Christus behoort, hy 'n splinternuwe mens is; 'n nuwe skepping in die kleine. Al die ou sondige dinge is dan iets van die verlede. Dan is die nuwe lewe hier!"*
Die Lewende Bybel: *"Want as iemand aan Christus behoort, het hy 'n nuwe mens geword. Dan is sy ou lewe verby, en 'n nuwe lewe het vir hom begin."*

Dit moet jy weer opnuut hoor vandag! As jy ‘n nuwe skepsel in Christus is, het jy nie meer ‘n verkeerde verlede nie. Wat sou jy dink as ek met ‘n baba dogtertjie op my skoot sit, wat net ‘n paar maande oud is, en ek sou sê: “Ag, is hierdie baba nie oulik nie? Net jammer van haar verlede…” Sekerlik sou jy my vra: “Watter verlede?” Want die babatjie het nie eers ‘n verlede nie.

Verder lees ons in 2 Kor. 5 vers 19 dat God sê, omdat ons nuwe skepsels is, is ons nou nie meer skuldig oor die sonde wat ons gedoen het nie. (L/B) Alle sonde wat ons van harte bely het, bestaan nie meer nie omdat Jesus se bloed dit weggewas het. Glo 1 Joh. 1:7 wat sê: *"…en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons <u>van alle sonde</u>."* Het jy gehoor? Van alle sonde!

Die woord in Grieks vir “nuwe lewe” is “kainos” en beteken iets wat vars is en nog nie voorheen gebruik was nie. So nuut het God ons gemaak na ons bekering. Bepeins hierdie woorde en wees dankbaar vir wat God in jou gedoen het.

Ons wat aan Christus behoort moet leef soos nuwe mense.
Moenie probeer vashou aan die “ou dinge” nie.
Al die ou sondige dinge is voorwaar iets van die verlede.

## Van uitstel kom afstel

**Prediker 9:10** *"Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag…"*

Dit is verbasend hoe kan ons uitstel om dinge te doen. Ons is geneig om te kyk hoe lyk môre, of volgende week. Op die meeste grafstene kon ons maar iets oor uitstel geskryf het. Soos iemand wat uitgestel het om 'n boek te skryf of om 'n lied te skryf. Iemand wat iets uitgevind het, wat die lewe soveel makliker kon gemaak het, maar dit toe nie ontwerp het nie. So kan ons 'n lang lys hierby voeg.

Staan liewer bekend as iemand wat impulsief is teenoor iemand wat gedurig dinge uitstel tot later. Ek besef hier is 'n baie fyn lyn, want ek weet ons kan ook oorhaastig wees as ons dinge moet doen. Kan ek jou egter vra om klaar te maak met die dinge wat jy moet doen – sovêr dit in jou mag is.

Vroeg in my lewe het ek geleer dat wanneer ek eksamens geskryf het, het ek die maklike vrae eerste beantwoord – dit wat ek geken het. Deur dit te doen het ek geweet dat ek reeds goeie punte verdien het. Daarna het ek aandag gegee aan die moeiliker vrae in my vraestel. Vandag pas ek dit toe in my daaglikse roetine. Op my rekenaar is daar 'n "Doen Lys" dokument wat ek gereeld na kyk. Ek doen die "makliker" dinge eerste, maar motiveer myself om die ander sake ook af te handel. Kyk weer mooi na ons teks hierbo, want die woord "mag" wat gebruik word, is vir 'n rede. Dit is dat ons nie met 'n "slap hand" dinge moet doen nie.

Sterkte met elke besluit wat jy moet neem.
Onthou om altyd vrede in jou hart te hê rakende besluite.
Bó alles wat jou hand vind om te doen – doen dit met jou mag.

**As jy glo sal God jou vryspreek**

**Romeine 4:20-22** Die Lewende Bybel: *"Abraham het aangehou om op God te vertrou en nie toegelaat dat daar twyfel in sy hart kom oor die belofte van God nie. Sy vertroue op God het al sterker geword omdat hy aan God die eer gegee het. Hy was absoluut oortuig daarvan dat God kan doen wat Hy beloof het. Daarom het God gesê Abraham is nou nie meer skuldig nie."*

Omdat Abraham aangehou glo het in God se belofte dat hy 'n seun sal hê, wat sy nageslag kan voortsit, het God hom vrygespreek. Sy vertroue was dat hy absoluut oortuig was dat God sou doen wat Hy beloof het. In vers 19 lees ons: *"Hy het nie opgehou om op God te vertrou nie selfs toe hy byna honderd jaar was. Dit het nie vir hom saak gemaak dat hy reeds met een voet in die graf was en Sara, sy vrou, nie kinders kon hê nie."* En Sara was toe al negentig jaar oud.

Wat vir my duidelik word in hierdie besondere verhaal van Abraham is dat daar een ding is wat ons skuld elke keer sal wegneem – en dit is as ons absoluut sal glo in God se Woord. Volgens die Woordeboek beteken absoluut: "heeltemal, volkome en in totaal." Ons moet niks anders as God se Woord glo nie! As God iets gesê het in Sy Woord moet ons dit van harte glo, en daarvolgens optree. Of ons dit met ons denke kan verklaar of nie.

Wil jy totaal sonder enige laste van skuld wees?
Wees dan iemand wat vasstaan op God se Woord.
Glo dat God by magte is om die onmoontlike te kan doen.

## Om waarlik vry te wees

**Johannes 8:32,36** *"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak…As die Seun (Jesus) julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees."*

Jesus het in Joh. 8 gesê dat sonde maak van die mense slawe, maar dat Hy gekom het om ons waarlik vry te maak. Ek glo nog altyd dat 'n vry mens is 'n bly mens. Toets jouself by hierdie stelling wat ek hier gemaak het.

Want 'n mens wat vry is weet wie hy is in die Here en hy weet ook waarheen hy op pad is. Iemand wat waarlik vry is kan met vrymoedigheid sê: *"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."* (Fil. 4:13.) Iemand wat waarlik vry is kan saam met Paulus uitroep in Rom. 8:1 *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."*

Daar is pragtige voorbeelde in die Bybel van mense wat vry gemaak is. Sagaria, die priester, het vry geraak in sy spraak toe hy God se beloftes geglo het. Sagaria het nie die engel geglo dat hy vader sou word van 'n seun nie. Hy het stom geword totdat Hy God se woord geglo het. Lees self wat staan geskrywe in Lukas 1:63,64. Eers toe hy sy seun se naam geskryf het, het hy weer begin praat.

Jesaja het bevryding ervaar in sy mond toe hy uitgeroep het *"…ek is 'n man onrein van lippe…"* (Lees Jes. 6:1-7) Indien jy begeer dat God se vuur jou sal aanraak en vrymaak, bely jou toestand voor Hom. Niks kan opregte belydenis vervang nie!

Dank God dat Sy woord die waarheid is.
Niks anders moet meer waarde vir ons hê nie.
Glo God se woord want dit sal jou waarlik vry maak.

**God gaan iets nuuts doen**

**Jesaja 43:19** Die Lewende Bybel: *"Hoor hier, Ek gaan iets nuuts doen. Eintlik het dit al begin – kan julle dit nie sien nie? Ek sal 'n pad deur die woestyn maak en vir julle strome water gee waar dit so droog is."*

Hierdie belofte het God aan Israel gegee nadat hulle sewentig jaar slawe was in Babilon. En kort nadat God hierdie belofte aan Israel gegee het, het Sy Gees op Kores, die heidense koning gekom. Dit was hierdie Kores wat betaal het dat Israel weer hulle tempel kon herbou. (Lees die verhaal in Jes. 45:1-3)

God se belofte in Jes. 43:19 is nog vandag van krag vir Israel. Om te dink dat hulle land sestig persent woestyn is, maar dat hulle genoeg water het om selfs aan hulle bure te gee. God het Sy woord gehou en vir Israel iets nuuts gedoen sedert hierdie woorde deur Jesaja geprofeteer was.

Maar luister hierna: God gaan vir ons as volk ook iets nuuts doen. Moenie vir een oomblik dink God hoor ons nie wanneer ons bid nie. Hoekom dinge nog nie gebeur het soos wat ons glo nie, weet ek nie nou nie. Maar een ding weet ek en dit is dat God iets nuuts gaan doen op aarde, en ek glo dit het reeds begin. God gaan ook geestelike "strome van water gee waar dit droog is" soos wat ons teks sê. Glo dit saam met my en bid dit.

Ons leef in 'n opwindende tyd – meer as wat voorheen was.
Want Jesus is besig om Sy bruid voor te berei vir Sy koms.
Ons sal as oorwinnaars gereed wees vir wat nog moet gebeur.

## As jy deur die water en die vuur gaan

**Jesaja 43:2** *"As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere – hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur die vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie."*

Ten spyte daarvan dat Israel ongehoorsaam was aan God, het Hy tog hierdie belofte aan hulle gegee. Vandag gee God ook hierdie treffende belofte aan jou en my, ten spyte daarvan dat ons nie altyd gehoorsaam is nie. God sal ons lief hê en vir ons omgee omdat Hy ons gemaak het. (Ef. 2:10)

Soos wat God die Rooi see oopgemaak het vir Israel asook die Jordaan, só sal God ons ook help deur enige hindernis op ons pad. Verder sal God ons ook deur die "vuur toets" waardeur ons mag gaan beskerm soos wat Hy vir Sadrag, Mesag en Abednego beskerm het in die vuuroond. (Dan. 3) Die oond was so warm dat die soldate wat hulle ingegooi het dood verbrand het, maar hulle het nie eers na rook geruik nie.

Is dit nie wonderlik om 'n God te dien wat vir ons omgee nie? Waardeur jy ook al nou gaan moet jy vashou aan God se beloftes in Sy Woord. Niemand sal jou uit Sy hand kan ruk nie. (Joh. 10:28) God sê vir ons in Ps. 91:5,6.11: *"Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes (die Corona) wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie."*

In Jesus Christus is jy meer as oorwinnaar.
Jy is sterker aan die binnekant as die buitekant. (1 Joh. 4:4)
Geen wapen teen jou sal iets kan uitrig nie. (Jes. 54:17)

## Hoe ons moet bid

**Filippense 4:6** Die Boodskap: *"Moenie oor dinge sit en tob of jou bekommer nie. Gaan praat met God daaroor. Bespreek dit met Hom. Vertel Hom hoe jy daaroor voel. Sê dan vir Hom dankie dat jy met Hom daaroor kan praat en dat Hy die beste weet. Jy sal dan verlig en tevrede voel. Jy sal hierdie verligte gevoel nie altyd kan verklaar of wetenskaplik kan uit lê nie. Omdat jy egter weet dat jy aan Jesus behoort, sal jy nie meer omgekrap voel nie."*

Paulus leer ons hoe ons antwoorde op ons gebed sal verkry. Ons moet altyd bid met 'n dankbaarheid in ons hart. Want hoekom sal God vir ons voorsien in enige iets as ons nie dankbaar is vir dit wat ons reeds het nie? Indien ons nie dit wat ons van die Here vra met dank in ons harte vra nie – hoe dink ons sal ons kan ontvang? Ons word nie in die Bybel geleer om altyd te kla wanneer ons bid nie – ons word geleer om te bid met dankbaarheid. Dit spreek van geloof wat in ons is as ons bid.

Wanneer jy in gebed met God praat, kan jy vertel hoe jy voel. Maar sê Hom ook dankie dat Hy die beste weet. Dit gaan tog nie oor wat jy wil nie, maar wat God wil. Sou jy met dankbaarheid bid, dan bid jy met geloof. In Jak. 1:6-8 staan geskrywe dat ons in die geloof moet bid *"…want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. So 'n mens wat altyd aan die twyfel is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie."*

Die vurige gebed van hulle wat glo, het groot krag.
Waak dus teen ongeloof wat maklik wil oorneem.
Wees altyd dankbaar wanneer jy God in gebed vertrou.

## Onder omstandighede

**Kolossense 1:10,11** "Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God. Mag God wat oor die mag en die heerlikheid beskik, julle versterk en aan julle al die krag gee om in alle omstandighede met geduld te volhard."

Ons hoor baie keer dat mense jou antwoord, wanneer jy hulle vra hoe dit gaan, soos volg antwoord: "Onder omstandighede, gaan dit nie te sleg nie." Ander sê weer: "Ek is so tussen die boom en die bas." Albei is nie goeie antwoorde nie. Indien jy "onder" die omstandighede is, is dit maar 'n treurige plek om te wees en as jy "tussen die boom en die bas" is, is dit nog erger – want dit is waar die wurms uitbroei!

Ons teks sê vandag dat God ons Sy krag gee om in alle omstandighede geduldig te volhard. Is dit nie 'n wonderlike belofte nie? Al plek waar ons die woord "onder" moet gebruik is dat ons onder die Here se beskerming" is soos wat geskrywe staan in Psalm 91. Onthou: God het ons die kop gemaak en nie die stert nie! (Deut. 28:13)

Ek weet nie deur watter omstandighede jy gaan nie? Baie leef onder geweldige druk. Nie net rakende hulle finansies nie, maar ook baie keer in vrees oor al die dinge wat oor ons toegesak het. Dit lyk ook asof ons vir mekaar bang geword het. Ons skuil agter ons maskers en hardloop vinnig in by die winkels om die nodige te koop, en hardloop weer vinnig uit. Ek bid dat hierdie lelike nagmerrie sal verbygaan en dat ons weer ons gasvryheid kan beoefen, soos wat ons gewoond was om dit te doen.

Ek vertrou dat jy sal toeneem in die vrug van die Heilige Gees. Mag Sy krag jou baie sterk maak in alle omstandighede. Volhard in geduld – iets waaraan ons almal moet werk.

## Loof die Here met alles in jou

**Psalm 103:1,2** *"Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, Sy heilige Naam! Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie."*

Ek wil vra dat jy weer Psalm 150 (die laaste Psalm) met aandag sal lees. Daar leer ons sekere groot waarhede rakende hoe ons God moet loof. Die eerste vers leer ons dat ons God kan loof "in Sy sterk uitspansel" – dit is mos enige plek – nie net in die kerk gebou nie. Natuurlik is dit wonderlik om God te loof saam met ander Christene in jou plaaslike kerk.

Waarom ons God moet loof word duidelik gestel in vers twee. Ons moet God loof oor Sy magtige dade. Dit moet ons nie net vir 'n paar minute doen nie. Gebruik meer tyd om aan God lof te gee oor al die wonderlike dinge wat Hy in jou lewe al gedoen het. Hy wil dit uit jou mond hoor – dit moet nie net in jou hart wees nie.

In verse drie tot vyf word ons geleer waarmee ons God kan loof en prys. Ons ken nie al die instrumente wat in hierdie verse genoem word nie, maar dit leer ons dat ons met baie meer as wat ons dink, God kan loof. Hoekom haal jy nie weer jou eie instrument uit om aan God die lof te gee? Ai, hoe wens ek dat ek iets kon speel. Gelukkig lees ek in die laaste vers *"Laat alles wat asem het, die Here loof."* Dit gee my moed, want dit kan ek doen.

Jy sal ook lof aan God bring met 'n mooi gesindheid.
Jou gesindheid is hoe jy dink en voel oor mense en dinge.
As jy jou gesindheid kan verander dan verander jy ook jou toekoms.

**Die Heilige Gees – ons Helper**

**Johannes 15:26** Die Boodskap: *"Maar Ek gaan vir julle '<u>n spesiale Helper</u> stuur wat van my Vader self af kom. Dit is die Heilige Gees en daar is geen ander Gees soos Hy nie. Dit is die ware Gees wat ook die waarheid goed ken. Hierdie Gees sal alles kom beklemtoon wat Ek gesê en gedoen het. Julle gaan ook vir die ongelowiges van My vertel en hulle probeer oorreed om Christene te word."*

Dit is wonderlik dat Jesus die Heilige Gees voorstel as een wat 'n spesiale Helper is. As jy die Engelse Bybel het wat ons noem 'The amplified Bible' – gaan lees dan ons teks wat die Heilige Gees beskryf as nie net die Trooster nie, maar ook as ons Raadsman; Helper; Advokaat; Versterker en Bystand.

Die Heilige Gees is jou Raadsman en indien jy dringend raad nodig het, kan jy bid dat die Heilige Gees jou raad sal gee. Hy het die beste raad wat jy ook al nodig het. Raad vir jou kinders – vir jou finansies en enige besluit wat jy moet neem. Die Heilige Gees sal jy ook help wanneer jy bid (Rom. 8:26) want ons weet nie altyd hoe ons moet bid nie – daarom sal Hy vir ons intree. Hy sal ook jou Helper wees wanneer jy leiding soek volgens Rom. 8:14. Neem ook kennis daar is geen beter Advokaat as God se Gees nie. En weet jy wat? Jy het nie eers geld nodig om vir Sy dienste te betaal nie.

Die Heilige Gees ook ons Versterker is. 1 Joh. 4:4 sê dat Hy wat in ons is (die Heilige Gees) groter is as hy wat in die wêreld is. Die Heilige Gees Troos en Versterk soos geen ander nie. Baie keer sê ons vir mense ons voel saam met hulle – maar Hy doen dit beter as ons. Daarby is die Heilige Gees ook die een wat by ons staan (Engels: Standby) al sou almal ons verlaat.

Dank God opnuut vir die Heilige Gees in jou lewe.
Loof God, daar is geen ander Gees soos die Heilige Gees nie.
Vertel soveel as wat jy kan wat God se Gees vir jou beteken.

# Versterk jou geloof

**2 Petrus 1:5,6** *"En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense."*

Hoe versterk 'n mens jou geloof? Jy sal jou geloof versterk as jy fokus om die regte dinge te doen. Vermeerder jou kennis in God se Woord. Beheer jouself en moenie toelaat dat sondige begeertes jou onder kry nie. Wees iemand wat standvastig is, sodat jy nie wankel in jou geloof nie. Judas vers 20 sê: Bou jouself op in jou geloof en bid in die Heilige Gees.

Saam met 'n lewe wat God verheerlik, wees absoluut lojaal teenoor ander gelowiges. Liefde moet een sterk kenmerk wees van jou lewe. Die liefde wat jy het teenoor jou mede-gelowige sal aan die ongelowige 'n boodskap uitdra. Want in Joh. 13:35 het Jesus gesê: *"Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."*

Die Boodskap vertaling stel Rom. 10:11 so treffend: *"Niemand wat in God glo, sal ooit met leë hande wegstap nie."* Ek is seker elkeen van ons kan daarvan getuig. Werk dus aan jou geloof in God. In Heb. 11:6 lees ons: *"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want Hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."*

Miskien het jy jou skild van geloof laat sak, omdat jy moeg is? Ek bid dat die Here vandag weereens jou geloof sal versterk. Besluit om opnuut God te vertrou op die beloftes in Sy Woord.

## Reuse kan verslaan word

**2 Samuel 21:15,16** Die Boodskap: *"Daar was <u>weer oorlog</u> tussen die Israeliete en die Filistyne. Dawid het saam met sy soldate gaan veg...Dawid het baie moeg geword in die geveg. 'n Filistyn het gedink hy kan Dawid doodmaak. Hy was 'n reus van 'n man. Sy spies se bronspunt het meer as drie kilogram geweeg. Hy wou Dawid met sy nuwe swaard doodsteek."*

Dawid het Goliat verslaan. (1 Sam. 17) Maar in 2 Sam. 21 lees ons vier keer dat daar weer oorlog was tussen Israel en die Filistyne. Daar was weer 'n reus wat Dawid wou doodmaak. Net so is dit met ons geestelike oorloë – dit gaan nooit verby nie. Vir hierdie rede het ons die wapens nodig waarvan ons lees in Ef. 6:10-18.

Reuse het name. Jou probleem het ook 'n naam. Daarom het Paulus geskryf in Ef. 1:21 dat elke probleem wat ons kan identifiseer met 'n naam, kan ons onder Jesus se voete plaas (en ook onder ons voete). Dit is baie moeilik om iets te hanteer wat nie 'n naam het nie. Gee dus jou probleem 'n naam sodat jy dit kan hanteer.

Wanneer ons die verhaal lees waar Dawid teen Goliat geveg het, lees ons dat hy vyf klippe opgetel het toe hy Goliat aangedurf het. Hoekom, want hy het net een klip nodig gehad om Goliat te verslaan? Volgens 2 Sam. 21:22 het Goliat vier broers gehad – Dawid was dus ook gereed om hulle aan te durf. Dit het Dawid meer as oorwinnaar gemaak! Onthou ook altyd dat ons oorwinnings is gekoppel aan 'n spanpoging. Dit is hoe die vier broers van Goliat verslaan is. Veg nooit alleen nie.

Moenie skrik vir jou reuse nie!

**Glo in Jes. 54:17** *"Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die Here en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die Here."*

# Grootmens of kind?

**Hebreërs 5:13,14** *"Iemand wat nog van melk lewe, kan nie saampraat oor wat reg of verkeerd is nie, want hy is nog 'n kind. Vaste kos is vir grootmense, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei."*

Jy en ek weet of ons geestelik volwasse is en of ons nog 'n geestelike kind is. Ons weet dit in die geestelike kos wat ons eet. "Melk" verwys na kos wat babas sal eet – "Vaste kos" verwys na kos wat grootmense eet. Hoe sterk is jou drang om jouself daagliks te voed met God se woord – deur tyd te neem om jou Bybel met aandag te lees? Voed jouself met God se Woord. 1 Pet. 2:2,3: *"…en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei, as julle ten minste gesmaak het dat die Here goedertieren is."*

Gal. 5:22 sê dit van 'n "Geestelike grootmens" (Die Boodskap) *"Sulke mense gee baie om vir ander. Hulle lewe is vol vreugde. Die vrede wat van God af kom, ken en ervaar hulle. Hulle verdra ander mense sonder om ooit lelik met hulle te wees. Hulle straal vriendelikheid en warmte uit…"*

2 Petrus 1:5-9 in Die Lewende Bybel: *"Van julle kant af moet julle nie net glo nie maar… Daarby moet julle gewillig wees om God te dien en ander Christene lief te hê. As hierdie dinge in julle lewe is…sal julle nie verniet of nutteloos wees dat julle die Here Jesus Christus ken nie. Maar as iemand nie vir hierdie dinge in sy lewe plek het nie, verstaan hy so min dat 'n mens kan sê hy is geestelik heeltemal blind want hy vergeet wat dit beteken dat sy sonde afgewas is wat hy vroeër gedoen het."*

Wees 'n "geestelike grootmens" eet "vaste kos"
Pasop vir die negatiewe WhatsApp's.
Stuur net boodskappe wat ander bemoedig!

## Strek jou uit na wat voor is!

**Filippense 3:14** *"Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."*
Die Lewende Bybel: *"Ek haal alles uit om by die eindpunt aan te kom en die prys te wen – die nuwe lewe in die hemel waarvoor God ons geroep het deur alles wat Jesus Christus gedoen het."*

Vir sommige mense was die afgelope tyd 'n mooi een, vir ander was dit een van siekte, hartseer, pyn, en teleurstellings. Maar moenie vashaak by die negatiewe dinge wat jy ondervind het nie. Dit sal jou hinder om 'n lewe van oorwinning te leef.

Vergeet die verkeerde verlede! As jy nie die negatiewe verlede kan vergeet nie, sal jy nie kan oorwin nie. Droom sterker oor die begeertes wat jy het. *"If you can dream it, you can do it".* God is instaat om jou drome te vervul. Doen wat geskrywe staan in Psalm 37:4 *"Verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart."* Hoe doen ons dit? Deur gereeld God se Woord te lees en te bid, maar ook om te getuig wat God al vir jou gedoen het. Vertel mense daarvan.

Die duiwel wil hê dat jy sal terug kyk na die verkeerde verlede. Maar God sê dat ons al die negatiewe dinge wat met ons gebeur het moet vergeet en ons uitstrek na dit wat voor ons is. Paulus moes vergeet hoe hy die gemeente vervolg het. Om te dink hy het die klere opgepas van die manne wat Stefanus gestenig het. (Hand. 7:58,59) Dit was van hierdie dinge wat Paulus moes vergeet en agter sy rug geplaas het sodat hy kon aangaan met sy nuwe lewe in Christus.

Draai jou rug op jou probleem en op jou negatiewe verlede. Moenie gedurig praat oor die siekte wat jy gehad het nie. Praat meer oor hoe die Here jou genees en herstel het.

**Mag God ons herstel!**

**Psalm 85:5,7** *"Herstel ons, o God van ons heil, en maak tot niet U grimmigheid teen ons! Sal U ons nie weer lewend maak, sodat U volk in U bly kan wees nie?"*

As daar ooit 'n tyd was om God te vra om ons te herstel, dan is dit in die tyd waarin ons lewe. Ons wil weer blydskap sien. Ons wil weer sien dat ons mense kan lag. Die woord "herstel" het ek in drie Woordeboeke nageslaan. Dit beteken "terugplaas" "terugbring soos dit oorspronklik was" "genees" en "ongedaan maak" en in 'n Engelse Woordeboek staan hierdie woorde: *"Restore means to cause it to exist again as it was."*

Een van die treffendste verhale in die Bybel is waar God Nebukadnesar as koning herstel het. Ons lees daarvan in Dan.4. Hy het gedroom van die groot boom in die middel van die aarde, wat verwys het na homself. Toe kom die Engel, wat God gestuur het om te sê: *"Kap die boom af, maar laat sy penwortel bly."* Nebukadnesar het soos 'n dier geword en vir sewe jaar sou hy gras eet, totdat hy hom to God bekeer het. Ons lees daarvan in Dan. 4:16, 34-37. Ek gebruik hierdie verhaal, om te wys God is by magte om te herstel. Geen toestand is vir God te groot om te hanteer nie. Glo dit ook vir jouself.

Wat moet in jou lewe herstel word? Is dit blydskap, want die blydskap in die Here sal jou beskerm teen soveel dinge wat oor jou kan kom. (Neh. 8:11) Het jy dringend voorsiening nodig? Lees en glo Fil. 4:19. Voel jy dat jou verhouding met die Here moet herstel word? Neem dan 'n besluit om ons teks te bid en werk ook daaraan om meer te bid en genoeg tyd te maak om jou Bybel te lees. Niks kan dit vervang nie.

Mag God ons as volk herstel in ons verhouding met Hom.
Mag God huwelike en families herstel met bekers wat oorloop.
Mag daar blydskap wees van agter die maskers wat ons dra.

**Bly fokus op dit wat jy verwag**

**Romeine 8:24,25** Die Lewende Bybel: *"God het ons gered en ons hierdie vooruitsig vir die toekoms gegee. Want as ons nou reeds alles het wat ons verwag, dan bly daar niks meer oor om na uit te sien nie. Want hoekom sal 'n mens dan aanhou om na iets uit te sien as hy dit reeds het? Maar as dit iets is wat nog nie gebeur het nie, dan wag ons geduldig daarvoor."*

Om op iets te hoop beteken om op iets te fokus wat jy nie kan sien nie. Jy doen dit deur te glo in God se beloftes in Sy Woord, totdat dit 'n duidelike beeld word in jou binneste. Dit kom nie maklik nie. Verander die onsekere en verkeerde beelde in jou gees na beelde van hoop. Maak jou hart net oop vir dit wat jou geloof sal bou.

Jy moet kan glo dat God by magte is om die dinge wat nog nie bestaan nie, te roep asof hulle reeds bestaan. (Rom. 4:17) Dink aan Abraham wat moes bly glo dat hy vader sou word van 'n groot nasie. Hy het reeds hierdie belofte by God gekry toe hy vyf-en-sewentig jaar oud was, en eers toe hy 'n honderd jaar was, het dit vir hom waar geword. Lees weer Rom. 4:17-25.

Omdat jy ook nog nie alles ontvang het wat jy verwag het nie – is daar baie om na uit te sien. Hou aan glo en hoop met groot geduld totdat die Here vir jou dit sal gee waarop jy solank op fokus. God se hand is nie te kort om jou te help nie en Sy oor is nie doof om jou te hoor nie. (Jes. 59:1)

Geloof is 'n vaste vertroue op wat ons nie kan sien nie.
Moenie vrees en moedeloosheid toelaat om in te kom nie.
Ek sê altyd: God doen nooit halwe werk nie.

## Ken Hom in alles wat jy doen.

**Spreuke 3:6** Die Lewende Bybel: *"Hou Hom (die Here) in gedagte by elke ding wat jy doen, dan sal Hy sorg dat jou lewe reg verloop."*

In die 1953 vertaling word die woorde *"Ken Hom in al jou weë…"* gebruik. Hierdie woord "Ken" is meer as om net te weet. Hier word dit gebruik om te erken dat jy sonder God se hulp en bystand nie veel sal bereik nie, Dit is wanneer ons God daardie tipe erkenning gee dat Hy ons wysheid en leiding gee in wat ons ook sou aanpak in Sy Naam.

George Washington Carver (1964 – 1943) is gebore in 'n slawe familie. Hy het een van Amerika se vooraanstaande landbou wetenskaplikes geword. Van grondboontjies het hy melk, seep, slaaiolie, grondboontjiebotter, roomys en 300 ander produkte gemaak. Van patats het hy 'n plaasvervanger vir eiergeel en ook asyn, ink, seep en omtrent 150 ander produkte gemaak. Die geheim van sy sukses was eenvoudig. Hy het altyd geantwoord deur Spreuke 3:6 aan te haal. Terwyl hy sy studente onderrig het, het hy sommer ook die Bybel vir hulle geleer. (Die 24/7 Bybel)

Die passie wat brand in jou hart kan jy doen indien jy die Here erkenning gee dat jy sonder Hom niks kan doen nie. Dawid het geskryf in Ps. 37:5: *"Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer."* Dit meen jy moet jou vertroue in die Here sit (leun swaar op Hom) dan sal Hy jou begeertes vervul.

'The Amplified Bible' vertaal ons teks met: *"In all your ways, recognize, and acknowledge Him, and He will direct and make straight and plain your paths."*

**Om in die Gees te wees**

**Openbaring 1:9,10** *"Ek, Johannes, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk…was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die woord van God…Ek was in die Gees op die dag van die Here..."*

Johannes was 92 jaar oud en 'n banneling op die eiland van Patmos. Alleen en honger, maar in die Gees! Om "in die Gees" te wees meen dat God se Gees totale kontrole oor jou sal hê. Mag ek vra of jy ook onder kontrole van die Heilige Gees is?

God wil deur Sy Gees ons gebedslewe beheer. Ons lees in Rom.8:26: *"En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in…"* Selfs ons aanbidding moet wees deur die Gees. Joh. 4:24: *"God is Gees; en dié wat Hom aanbid, moet Hom <u>deur die Gees</u> en in waarheid aanbid."* Uit jouself kan jy nie waarlik God aanbid nie, daarom het jy die Heilige Gees nodig om jou te help hierin. Jy sal agter kom as jy só aanbid, dat jou aanbidding van diep uit jou binneste kom.

As God se Gees in beheer is kan ons soos Paulus uitroep in Hand. 20:22-24: *"En kyk, ek gaan nou gebind deur die Gees…Maar ek bekommer my glad nie en ek ag my lewe vir myself nie dierbaar nie, sodat ek met blydskap my loopbaan kan volbring…"*

God kan hy die kwaaiste onder ons beheer. Kyk wat het die Heilige Gees drie keer gedoen! (1 Sam. 19:20-24) Bid dat God se Gees besit sal neem oor die "kwaai en moeilike" mense in ons samelewing!

Jy is in die Gees as jy onder die Heilige Gees se beheer is.
Jy is God se kind as jy gewillig is dat die Heilige Gees jou lei.
Sal jy luister indien God se Gees jou sou vra om iets te doen?

## Dank God vir Sy beskerming

**Psalm 91:1,2** Die Lewende Bybel: *"'n Mens wat in die allerhoogste God se beskerming is, word selfs snags ook deur die Almagtige bewaar. Dan kan jy vir die Here sê: U is my skuilplek en my vesting, U is my God, en ek vertrou op U."*

In hierdie moeilike tye waarin ons lewe, begeer ons dat die Here ons sal beskerm. God wil ons beskerm maar daar is 'n voorwaarde daaraan gekoppel. En wat kan dit wees? Jy moet met jou mond kan sê wat jou hart glo, naamlik: *"U is my skuilplek en my vesting, U is my God, en ek vertrou op U."*

Die rede hiervoor is omdat daar 'n beginsel is, naamlik om met die hart te glo en met die mond te bely. Dink aan Rom. 10:9,10: *"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."* Alle waarhede in die Bybel werk op dieselfde beginsel. Jy moet glo met jou hart, maar jy moet dit ook sê met jou mond.

Glo dus dat God jou sal beskerm maar spreek dit hardop uit vir jouself en vertel ook ander dat jy dit glo. Dit is uiters belangrik om presies dit te doen. Die rede hiervoor is omdat daar baie mag is in jou mond. Geen wonder die wyse Salomo het gesê in Spr. 18:21: *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."* Die Lewende Bybel vertaal dit: *"Maar 'n mens se woorde kan verskillende gevolge hê – dit kan doodmaak of lewe gee."*

Maak Psalm 91 jou leefwyse, deur dit te glo en te praat.
Beoefen ook om elke waarheid in die Bybel uit te spreek.
Laat jou mond oorloop van dit wat jy van harte glo.

## God het 'n plan vir jou lewe

**Efesiërs 2:10** *"Want ons is Sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."*
Die Boodskap: *"Onthou, God het ons gemaak wat ons nou is. Dit is Hy wat ons nuut gemaak het omdat ons Jesus s'n is. Hy het dit gedoen sodat ons reg en goed kan leef soos Hy lankal besluit het ons moet leef."*

Die Griekse woord "poiema" wat hier vertaal is met "maaksel" vertel ons dat God ons Meester ontwerper is. God het ons "ontwerp" om reg en goed te kan leef tot Sy eer. God het 'n goeie plan vir elkeen van ons nog lank voordat ons gemaak is. Dit is nie 'n plan van mislukking nie, van siekte, van rampe en ellende nie. God se plan is 'n goeie plan van geluk, gesondheid en vervulling.

Ons lees in Jer. 29:11: *"Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee."* En in Joh. 10:10 het Jesus gesê: *"Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle (My skape) lewe en oorvloed kan hê."*

Dit sal goed wees as jy gereeld vir jouself kan sê dat God beplan mooi en goeie dinge vir jou. Hoekom moet ons dit doen? Omdat ons nie slegte dinge oor ons moet glo en uitspreek nie. Wees ook lief vir jouself sodat jy ander mense kan liefhê. Daar is 'n bose vyand wat wil keer dat God se plan in jou lewe nie sal gebeur nie. Hom moet jy teenstaan en nie toelaat om verkeerde gedagtes in jou kop te saai nie.

God het mag om te herstel wat ons verloor het.
Hy kan Sy plan "A" weer in werking stel in jou lewe.
Maar dan moet jy Hom die geleentheid gee om dit te doen.

## Twee is beter as een

**Prediker 4:9,10** *"Twee is beter as een, want hulle het 'n goeie beloning vir hulle moeitevolle arbeid. Want as hulle val, kan die een sy <u>maat</u> optel, maar wee die een wat val sonder dat daar 'n tweede is om hom op te tel."*

Hierdie Skrifgedeelte is 'n baie groot waarheid. Dit raak egter die huwelik seker die meeste. God se wil is dat die mens nie alleen moet wees nie. Gen. 2:18: *"Ook het die Here gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas."* Om iemand se "maat" te wees meen om iemand se vriend en kameraad te wees. Ja, iemand met wie jy saam dinge wil doen.

Wat kan ons doen om beter maats te wees in ons huwelik? Ons moet meer praat met mekaar – en ook beter luister. Stel belang in wat jou maat doen, al doen julle dit nie altyd saam nie. Bespreek niks negatiefs van jou maat met ander nie. Gee verseker waardering. Wees bereid om van harte te vergewe. Vredemakers is kinders van God. (Matt. 5:9) Hou geen geheime vir mekaar nie. Wat van help ontbyt maak, motor was, huis skoonmaak en tuin werk?

Bó alles, behou respek vir mekaar. Man's moet kennis neem van wat geskrywe staan in 1 Petrus 3:7: *"Net so moet julle manne verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys – sodat julle gebede nie verhinder mag word nie."* As jou gebede nie verhoor word nie – hier is jou antwoord.

Stem saam in gebed volgens Matt. 18:19. Dit werk.
*" Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry."*

**Hoe hanteer jy ongelowiges?**

**Kolossense 4:5,6,18** Die Lewende Bybel: *"Gedra julle verstandig in julle aanraking met mense wat nog nie Christene is nie en maak die beste gebruik van elke geleentheid wat julle kry om invloed op hulle uit te oefen. Gesels met hulle op 'n aangename manier wat vir hulle iets kan beteken. Dan sal julle ook weet watter soort antwoord julle vir elkeen van hulle kan gee…Hier skryf ek Paulus nou self: ek groet julle. Dink asseblief aan my wat hier in die tronk sit. Mag God julle Sy genade gee."*

Om te dink Paulus sit in die tronk terwyl hy ons leer hoe ons moet optree teenoor mense wat nog nie Christene geword het nie. In hierdie laaste twee hoofstukke aan die Kolossense gee hy praktiese raad aan gelowiges. Een ding wat sterk na vore kom is wat ons gesindheid behoort te wees teenoor ander mense. Hy leer die gelowiges in Kolosse hoe hulle ook die slawe moet behandel. Vandag het ons nie meer slawe nie, maar ons moet hulle wat vir ons werk, met respek behandel.

Jesus het gesê in Joh. 13:35: *"Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."* En ek wil iets hierby voeg, en dit is wen eers iemand vir jouself, voordat jy hulle vir Christus wil wen. Moet nooit afpraat op mense nie, maar gee aan ander die liefde en respek wat hulle toekom. In selfs die grootste sondaar is daar iets mooi. Inteendeel die meeste mense op aarde is goeie mense. Natuurlik is daar wel mense op aarde wat bose dinge in hulle harte toegelaat het. Maar jy as kind van God moet ander behandel met liefde. God haat sonde, maar het die sondaar lief.

Mag die Heilige Gees meer liefde uitstort in ons harte.
Veroordeel niemand, maar hanteer hulle met baie liefde.
Ek haal weer die eerste sin van ons teks aan, naamlik:
*"Gedra julle verstandig in julle aanraking met mense wat nie Christene is nie."*

## Fondasies is belangrik

**Matt. 7:24,25** *"Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots."*

Jy het seker al 'n foto gesien van die Toring van Pisa in Italië? Die bouwerk aan hierdie toring het begin in 1173. Miskien was jy al daar? Hierdie besondere toring was gebou om regop te wees. Maar omdat daar probleme was met die fondasie, het die Toring van Pisa begin oorhang na die eenkant.

Fondasies is baie belangrik, want dit moet die gewig van die gebou dra. Dit is ook baie belangrik dat jy geestelik sal bou op die regte fondasies. Die regte fondasies sal jy vind in God se Woord. Indien jy nie daarop bou nie, dan bou jy op sand, en dit wat jy dan gebou het sal nie die storms van die lewe weerstaan nie.

Indien jy 'n sterk fondasie begeer vir julle as 'n gesin, lees met aandag wat geskrywe staan in Efesiërs 5:22-33. Hier sal jy vind dat die vrou onderdanig moet wees aan haar man. Dit meen nie dat hy oor haar moet heers nie, maar dat hy haar sal beskerm. 'n Sterk fondasie in die gesin is dat die man sy vrou moet liefhê. Vroue reageer op die liefde wat hulle van hul man's ontvang. 'n Baie sterk fondasie vir die gesin is eenheid. (Lees Markus 3:25) Die Bybel praat hier dat die man sy vrou moet "aankleef" – dit is hoe hulle verhouding moet wees. ('Stick like glue'.)

In Ef. 5:33 vind ons een van die sterkste fondasies vir 'n gesin. En dit is dat daar eerbied en respek vir mekaar sal wees. Ontbreek dit sal ons nie die storms van die lewe deurstaan nie.

# Gesindheid

**Filippense 2:5** *"Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was."* *Die Boodskap vertaal dit: "Julle moet Christus Jesus se voorbeeld volg. Soos Hy oor dinge gedink en gevoel het, so moet julle ook daaroor dink en voel..."*

Paulus skryf in Rom. 12:2: *"Julle moenie nie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe."* Jou gesindheid is soos jy dink en voel. Wat is jou gesindheid in moeilike tye? Kan jy saam met Paulus sê? Fil. 1:12: *"En ek wil hê dat julle moet weet...dat wat ek wedervaar het, eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het."* En in Rom. 8:26 sê Paulus: *"En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na Sy voorneme geroep is."*

Wat predikers betref, kan jy ook saamstem met Fil. 1:15-18? *"Sommige preek Christus wel ook uit afguns en twis, maar ander ook uit welwillendheid... Maar wat maak dit? In alle geval, op allerlei wyse, of dit onder 'n skyn of in waarheid is, word Christus verkondig; en hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly."*

Hoe dink en voel jy oor vergenoegdheid? Fil. 4:10-12: *"Ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is..." Ek dink aan die dame wat gesê het: "Ek het altyd gekla oor skoene totdat ek 'n vrou ontmoet het sonder voete!"*

Jou gesindheid is hoe jy dink en voel. Kyk mooi na ons teks.
As jou gesindheid reg is dan sien jy jouself as 'n wenner.
Dan glo jy die belofte in Gen. 1:28 "Wees Vrugbaar en Heers."

## Nuwe manier van dink

**Efesiërs 4:22,23** Die Lewende Bybel: "…Soos ou klere wat 'n mens uittrek, moet julle die ou geaardheid opsysit, want daardie geaardheid word rond en bont gesleep deur slegte drange en is op pad na die vernietiging toe. Julle moet 'n nuwe gesindheid en 'n nuwe manier van dink kry."

In Rom. 12:2 leer ons dat ons vernuwe moet word in ons denke. Die Boodskap vertaal Rom. 12:2 soos volg: *"Moenie tuis raak in hierdie wêreld met al sy boosheid nie. Nee, laat God julle van binne af nuut maak. Laat Hy julle manier van dink verander sodat julle kan wees wat Hy van julle verwag..."*

Lees vêrder in Rom. 12:9-21, dan sal jy vind wat met jou sal gebeur nadat jou denke verander het:
Jy sal opreg liefhê en omgee vir ander (v.9)
Jy sal aan mense respek en agting gee (v.10)
Jy sal God in vurigheid wil dien (v.11)
Jy sal hoop hê en volhard in gebed (v.12)
Jy sal gasvry wees en uitreik na ander (v.13)
Jy sal mense wil seën en nie beledig nie (v.14)
Jy sal bly wees met hulle wat bly is (v.15)
Jy sal treur met hulle wat hartseer is (v.15)
Jy sal jouself nie groter ag as ander nie (v.16)
Jy sal nie kwaad vir kwaad vergeld nie (v.17)
Jy sal in vrede wil leef met ander. (v.18)

Ons het transformasie nodig, en indien ons daaraan wil werk, moet ons luister na die volgende raad: Eers moet ons kennis neem van 'n waarheid. Dan moet ons daardie waarheid (wat ons geleer het) toepas. Daarna sal ons ervaar hoe God ons lewe sal nuut maak!

Verander jou denke dan verander jou toekoms.
Joyce Meyer het gesê: "Where the mind goes, the man goes."
Spr. 23:7 sê: "Soos 'n mens dink so is hy."

## Mag jy alles met blydskap doen

**Kolossense 1:11,12** Die Lewende Bybel: *"Ons bid ook dat Hy deur Sy Goddelike mag vir julle elke keer die krag sal gee om te kan verdra en geduldig te wees en om dit met blydskap te kan doen – terwyl julle vir die Vader dankie sê…"*

Paulus het vir die gemeente in Kolosse gebid dat hulle elke keer die krag sal hê om te kan verdra en geduldig te wees en dat hulle alles sal doen met blydskap in hulle harte. Blydskap help jou om te geniet wat jy doen. Blydskap is 'n geestelike wapen asook 'n vrug van die Heilige Gees.

Vir hierdie rede moet ons die gebed van die kinders van Korag bid, soos wat hulle gebid het in Psalm 85:5,7 *"Herstel ons, o God van ons heil…Sal U ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees?"* Ai, ons mis blydskap – en die bietjie wat daar is word agter maskers toegemaak. Dit is asof ons bang is vir mekaar?

As blydskap in ons harte die hoofrol speel, maak dit nie saak deur watter moeilike omstandighede ons mag gaan nie. Blydskap sal soos 'n muur om 'n stad ons beskerm teen enige aanvalle van die siele vyand. Blydskap staan teenoor droefheid. Daarom het Nehemia vir Israel gesê: *"Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die Here – dit is julle beskutting."* (Neh. 8:11) Dit beteken dat blydskap sal keer dat geen droefheid jou sal oorweldig nie.

Mag ons, as God se kinders, oorloop van ware blydskap.
Kom ons gee ander hoop en moed met ons sagte antwoorde.
Vriendelike woorde is soet vir die siel en bring genesing.
(Spr. 16:24)

## Wil jy graag langer leef?

**Spreuke 3:1,2** *"My seun, vergeet my onderwysing nie, en laat jou hart my gebooie bewaar; want dit sal lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder"*

Dit is treffend hoe baie meer glo in wat Moses gesê het as wat God gesê het. Ek verwys na Psalm 90 en Genesis 6. In Ps. 90: 10 sê Moses: *"Die dae van ons jare – daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is, tagtig jaar; en die uitnemendste daarvan is moeite en verdriet; want gou gaan dit verby, en ons vlieg daarheen."* (Dink daaraan: Moses het Psalm 90 geskryf toe hyself by die 120 was.)

In Gen. 6 lees ons waar God berou gekry het omdat hy mense gemaak het – nadat engele met mense getrou het. In Gen. 6:3 lees ons waar God gesê het hoe lank ons mag lewe: *"Toe sê die Here: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar."* Besluit jy wie wil jy glo. God of Moses?)

Natuurlik het niemand die lewe in hul hand nie – alleenlik God besit die mag oor die lewe. Ek het ook al mense ontmoet wat nie lank wil lewe nie. Ons kan nie vir altyd op aarde leef nie, maar daar is beloftes in die Bybel, soos ons teks, dat ons 'n lang lewe kan geniet. Graag gee ek die volgende raad aan elkeen wat 'n lang lewe van die Here begeer is: Studeer (en glo) die beloftes in die Bybel van 'n lang en gesonde lewe.

Moet nooit jou droom verloor nie – sorg dat dit groter groei.
Blydskap sal jou jonk hou. Beheer jou tong (Spr. 18:21)
Praat soos Kaleb toe hy reeds 85 was. (Jos. 14:10-12)

## Wat jy bou moet jou gesin kan red

**Hebreërs 11:7** *"Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin…"*

Noag het die ark gebou sodat diere en voëls behoue sou bly. Maar ook dat sy gesin gered sou word. Vir God was dit die belangrikste om mense te bewaar vir die nuwe wêreld wat sou kom ná die vloed. Wat jy bou moet wees om jou gesin te red en te beskerm van soveel dinge wat hulle kan tref. Vra die vraag vir jouself hoe en waarmee bou jy? In die tyd van Nehemia, met die herbou van die mure om Jerusalem, is dit duidelik dat elke gesin gehelp het om te bou. Elke gesin was verantwoordelik om saam te werk en hulle moes die muur klaarmaak wat reg teenoor hulle huis was. (Nehemia 3)

Elke gesin moet toesien dat hulle met die regte materiaal bou. Daardie materiaal kry ons in die Woord van die Here. Persoonlik is jy nie verantwoordelik om ander mense se "mure" te herbou nie – maar dit is jou plig om te sien dat die muur wat jou gesin beskerm sal sterk staan teen enige aanval van die vyand.

Indien jy met die regte materiaal gebou het, moet jy nie bekommerd wees dat jou kinders verlore sal gaan nie. Ek praat jou moed in met Jeremia 31:16,17: *"Maar die Here sê: Hou op huil en moenie meer trane stort nie...Julle kinders sal weer terugkom uit die vyand se land...julle kinders sal terugkom na hulle eie land toe."* (Die Lewende Bybel)

Bou jy met hout en hooi – of met stene? (1 Kor. 3:12,13)
Ondersoek jouself om seker te maak waarmee jy bou.
Maak seker dat julle as familie saam bou.

## Bid vir jouself en vir mekaar

**Jakobus 5:13-16** *"Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom (vir homself) bid. Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het...Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar..."*

Om vir onsself asook ander te bid is nie iets moeilik om te doen nie. Ek dink in elk geval dat dit die belangrikste taak is wat elke Christen moet doen, naamlik om vir ander te bid. Nie te preek nie, maar te bid. En wat wonderlik hiervan is, is dat jy nie eers 'n kursus nodig het om dit te doen nie. Jy kan seker leer om beter te bid, maar die opdrag is baie duidelik: Bid vir mekaar!

Toe Job vir sy vriende gebid het, het sy omstandigheid verander. Ons lees daarvan in Job. 42:10: *"En die Here het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het; en die Here het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen."*

Kyk weer mooi na ons teks, dan sal jy vind dat as jy swaarkry moet jy eers vir jouself bid. Dit is treffend dat ons altyd hardloop na ander om die bid werk vir ons te doen. Dit is nie verkeerd om ander hiervoor te vra nie, maar jy moet self bid. Gebed is 'n gesprek met God, wat altyd gewillig is om na ons te luister, en uitkoms te gee.

Moenie ophou om te glo en te bid nie.
Onthou: Dit is soms die laaste sleutel wat die deur oopsluit.
Bid, klop en soek en jou deure sal vir jou oopgaan.

## Soos Josef, het God 'n plan met jou

**Psalm 105:17-19** Die Boodskap: *"Maar Hy (God) het 'n man voor hulle uit gestuur. Dit is Josef, wat as 'n slaaf verkoop is. Hulle het Josef se voete met swaar boeie vasgemaak en hom agter ysterdeure toegesluit. Sy swaarkry het aangehou totdat God se plan waar geword het, totdat die Here besluit het hy is net die regte man vir die werk! Josef het die toets geslaag."*

Die verhaal van Josef is 'n besondere een. Toe hy 17 jaar oud was het hy twee besondere drome gehad. Ons lees daarvan in Gen. 37:5-9. Sy drome het hom in 'n put laat beland, en hy is verkoop as 'n slaaf. In Egipte beland hy onskuldig in 'n tronk. Gelukkig het God se plan waar geword in sy lewe, omdat hy die toets geslaag het. Daarom kon hy jare later aan sy broers sê in Gen. 45:8 *"Julle het my dan nou nie hierheen gestuur nie, maar God."*

God het altyd 'n man (of 'n vrou) wat Hy vooruit stuur om die krisis wat kom te ontmoet. Soos Josef, het God 'n plan met jou. Gewaar jy nie dat God jou voorberei vir dinge wat kom nie? Wanneer jy gereed is en God se toets geslaag het, sal Hy jou roep om jou te gebruik. Dink daaraan dat Josef nog een dag in die tronk was en die volgende dag was hy aangestel as Eerste Minister van Egipte!

Laat toe dat God se droom in jou hart groei, en moet nooit twyfel dat Hy 'n duidelike plan het vir jou lewe nie. Lees weer en glo Jer. 29:11. Moenie ophou om in vertroue op God en Sy Woord te lewe nie. Doen jou bes om elke toets te slaag.

Miskien voel jy tans dat jy in boeie vasgemaak is?
Dit sal aanhou totdat God se plan vir jou ook waar word.
Moenie moedeloosheid toelaat nie – hou vas aan Sy Woord.

**Gee ander moed, deur jou optrede**

**Filippense 4:13** *"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."*

Die Boodskap: *"Vir alles in die lewe…sien ek kans omdat Jesus my bron van krag is."*

The Amplified Bible: *"I have strength for all things in Christ Who empowers me.*
*I am ready for anything and equal to anything through Him Who infuses inner strength into me…"*

Iets wat ons uit ons woordeskat moet haal is: *"Ek kan nie."* en *"Dit is onmoontlik."* Indien jy glo in ons teks, en dit doen, sal jy verseker in staat wees om sukses te bereik. Maar meer as dit: Jy sal ander moed gee deur jou optrede.

Elke vier jaar word die wêreld se aandag gevestig op die Olimpiese Spele. Dan kom lande oor die wêreld saam om te wedywer in baie afdelings. Een van die grootstes is die myl. Vandat die Spele begin het, kon niemand glo dat die myl in minder as vier minute gehardloop word nie – dit was as iets onmoontliks beskou.

Maar toe daag Roger Bannister, die Britse atleet op. Op die 6de Mei 1954 breek hy die wêreldrekord in die myl en hardloop dit onder vier minute, tydens die Olimpiese Spele. Toe, in minder as tien jaar, het meer as 300 atlete uit verskillende dele van die wêreld dit reggekry. Hoe het hulle dit reggekry? Die antwoord is dat hulle denke verander het en dat atlete deur Roger Binnester moed gekry het om die myl ook te hardloop in minder as vier minute. Kom ons gee ander ook moed, deur te glo dat ons in staat is om alles te doen deur Christus wat ons die krag gee.

Jy het die potensiaal in jou om hoër hoogtes te bereik.
Dit hang net af of die droom wat in jou is, groot genoeg is.
"Ek kan nie" mag nie jou denke oorheers nie.

## Dank God vir guns

**Psalm 23:6** *Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae."*

Miskien sê jy vir jouself dat jy teveel foute gemaak het en nie God se guns verdien nie. Dawid het baie foute in sy lewe gemaak. Hy het owerspel gepleeg en daarby beveel dat die vrou se man vermoor moes word. Tog lees ons die volgende in Ps. 89:21,22 *"Ek het Dawid, my kneg, gevind, met my heilige olie hom gesalf, met wie my hand bestendig sal wees; ook sal my arm hom versterk."* Ten spyte van wat Dawid verkeerd gedoen het, het hy God se guns geniet. Voorwaar ons dien 'n wonderlike God!

Indien jy guns aan iemand gee, meen dit jy ondersteun daardie persoon. Dit meen ook dat jy goed doen aan iemand al hoef jy nie. Dit meen ook dat jy iemand met meer vriendelikheid hanteer as ander. God se guns veroorsaak dat ander mense jou voorkeurbehandeling sal gee. Moenie God se guns vanselfsprekend aanvaar nie – maar waardeer dit.

In geloof moet jy God se guns verklaar oor jouself en jou familie. Verwag God se guns en verwoord dit. Sê die volgende: *"Vader, dankie vir U guns oor my en my gesin. Deur die guns wat U my gee sal U vir my geleenthede skep, en vir my die deure oopmaak wat ek nodig het. Gee my ook guns sodat ek ander mense kan help."* Soek God se guns is alles wat jy doen. Wees ook kinderlik genoeg om guns te vra wanneer jy inkopies doen en jy parkering soek vir jou motor.

Guns is iets wat geen mens verdien nie.
Dit is God se genade wat guns oor ons sal bring.
As jy guns ontvang het deel ook guns uit aan ander.

## Jesus het gekom om vry te maak

**Lukas 4:18** *"Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig."*

Jesus het in Nasaret se sinagoge gekom en, soos Hy gewoond was, die Skriflesing waargeneem. Hulle het Hom Jesaja 61 gegee om te lees. Dit is asof Jesus vir hulle gesê het: *"Vir sewe honderd jaar lees julle al hierdie gedeelte, sedert Jesaja dit van My geprofeteer het, maar vandag het hierdie woorde in julle midde waar geword."*

Dié wat in die diens was, het hulle bloedig vererg en wou Hom van 'n krans naby hul dorp afgestoot het. (Verse 28,29) Vandag nog is daar baie wat nie die waarheid wil hoor nie – net die waarheid maak vry..

Die boodskap in ons teks is dat Jesus gekom het om die wat stukkende harte het te genees, om hulle wat agter geestelike tralies is vry te laat, en om ook mense se oë oop te maak dat hulle die evangelie kan verstaan en aanvaar.

Jy is nie vry as jy dit nie ervaar in jou denke nie.
Dank Jesus vir volkome bevryding en herstel in ons.
Ek weet gelukkig dat God doen nooit halwe werk nie.

## God maak iets uit niks

**Romeine 4:17** Die Lewende Bybel: *"In die Skrif staan daar dat God vir hom (Abraham) gesê het: Ek het jou die vader van baie nasies gemaak. Abraham het op God vertrou, en wat God betref, bly hierdie belofte staan, want God kan mense wat dood is, weer lewendig maak, en Hy kan iets maak waar vantevore niks was nie deur net 'n bevel te gee."*

God het hemel en aarde gemaak. Hy het alles wat daar vandag is, gemaak uit niks. Want God het nie iets nodig om iets anders te skep nie. Hierdie wêreld, met alles wat daar is het God gemaak deur net 'n woord te spreek. Lees gerus weer hoe die skepping plaasgevind het in Genesis 1,2. God kan ook net een woord spreek in jou omstandighede en alles sal verander tot Sy eer.

God se skeppingskrag het nie opgehou, by die skepping van hierdie wêreld nie. Vandag kan God ook vir jou en my dinge skep waar daar vantevore niks was nie. Glo dit in die omstandighede waarin jy jouself tans bevind. Glo dit vir jou gesin. Glo dat God vir jou werk kan skep deur net 'n woord te spreek. Glo dat God volkome genesing kan skep vir jou asook vir jou geliefde, al sou 'n geneesheer iets anders verklaar het. Ons waardeer dokters, maar hulle het beperkte kennis.

Ek verwys jou na die gewone Afrikaanse vertaling in Rom. 4:17 wat sê dat God kan die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan. Is dit nie die regte en tydige nuus wat jy vandag moes hoor nie?

Kyk anders na jou probleme en glo God kan iets maak uit niks. Moenie God beperk nie, want Hy doen meer as wat jy kan bid. Weet dit: Geen ding sal vir Hom onmoontlik wees nie.

## God se vrede sal jou hart bewaar

**Filippense 4:7** *"En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus."*
Die Lewende Bybel: *"Dan sal God julle Sy wonderlike vrede gee wat 'n mens nooit met jou verstand kan verklaar nie. Sy vrede sal wag hou oor julle harte en julle gedagtes omdat julle aan Christus Jesus behoort."*

Hoekom is dit nodig dat ons harte bewaar moet word deur God se vrede? Want ons harte kan soms bedrieglik raak. Daarom lees ons in Jer. 17:9 *"Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit, wie kan dit ken?"* Die Boodskap vertaal dit met: *"Daar is niks wat jou so kan kul as die mens se hart nie. Niemand weet wat binne 'n mens aangaan nie. Niemand kan ook iets daaraan doen om 'n mens se hart te verander nie."* Gelukkig kan God iets doen om ons harte te verander tot Sy eer.

Vrede is nie iets wat jy aan jou buitekant kan plak nie, vrede is iets wat jy in jou hart het – of nie het nie. Dit is treffend dat Jesus Sy kinders uitkenbaar gemaak het, toe Hy die volgende gesê het in Matt. 5:9: *"Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."* En natuurlik kan niemand vrede maak as hulle nie vrede het nie.

Spr. 4:23 sê: *Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe."* Ek het gaan lees hoe stel Die Boodskap hierdie teks. Dit lees soos volg: *"Wees versigtig wat jy dink. Jou denke kan jou lewe ingrypend beïnvloed."* Dit kom hierop neer dat ons hele lewe word deur ons gedagtes beheer.

Maak seker dat jou hart (jou denke) gevul is met vrede.
Indien jy nie vrede het nie, doen jou bes om dit te bekom.
Dit is net God se vrede wat jou hart kan beskerm.

## Gee selfs in moeilike tye

**Genesis 26:1,12** *"En daar was hongersnood in die land, buiten die eerste hongersnood wat in die dae van Abraham gewees het…Isak het toe in dié land gesaai en daardie jaar honderdvoudig gewen, want die Here het hom geseën."*

Ten spyte van 'n hongersnood, het Isak gesaai en honderdvoudig gewen. Al beleef jy soms baie moeilike tye moet jy nooit ophou om te gee nie. Om te saai (om 'n gewer te wees) moet 'n leefwyse wees. Daar is 'n toepaslike Skrifgedeelte wat ek met jou wil deel in Pred. 11:4,6: *"Wie op die wind ag gee, sal nie saai nie; en wie op die wolke kyk, nie oes nie…Saai jou saad in die môre, en laat teen die aand jou hand nie rus nie; want jy weet nooit watter een sal geluk nie…"*

Het jy gesien hoekom het Isak gesaai in daardie land, al was daar 'n groot droogte? Hy het gesaai omdat God hom geseën het. Ons ontvang soveel seën uit God se hand dat dit ons voorreg is om te gee, al lyk dinge nie altyd so goed nie. Isak het ook gesaai omdat God hom deur die Filistynse koning, Abimeleg, guns gegee het. Omdat ons God se gunsgenote is, is dit ons voorreg om aan ander te gee.

Omdat Isak se naam "Gelag" beteken, moet ons nie met 'n swaar hart gee nie, ons moet gee met blydskap, soos wat ons lees in 2 Kor. 9:7: *"Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem…want God het 'n blymoedige gewer lief."*

Die grootte van jou saad bepaal die grootte van jou oes.
Moenie jou "saad" (dit wat jy gee) "opeet" nie, maar gee dit.
Seën die saad wat jy gesaai het – en jy sal sien hoe groei dit.

# God gee saad aan die saaier

**2 Korintiërs 9:10** *"God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer."*

Die gedeelte in 2 Kor. 9 is een van die bestes wanneer dit kom by hoe ons moet gee. Lees dit totdat jy die volle waarheid verstaan oor "saai en maai" of dan hoe ons moet gee en hoe ons kan ontvang. Die boodskap hier is dat ons met blydskap moet gee asook die beste wat ons kan. God wil dat ons genoeg moet hê vir onsself sodat ons ook genoeg kan gee aan ander. Lees 2 Kor. 9:8.

Maar min word gepraat oor ons teks hierbo. Ons moet onthou dat dit God is wat vir ons gee. Hy gee aan ons dat ons "brood sal hê om te eet" – Hy wil dus voorsien in ons eie behoefte. Maar God wil ook "saad" aan jou gee sodat jy vrygewig sal wees. Vrygewigheid is iets waaraan ons almal kan werk, omdat die behoefte om ons geweldig groot is.

Suinigheid is iets waarteen ons sterk ons stand moet neem. Die wyse Salomo stel dit so duidelik in Spr. 11:24: *"Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry, en een wat terug hou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek."* In Die Boodskap lees hierdie teks soos volg: *"Wie baie vir ander gee, word al hoe ryker. Wie suinig is, word al hoe armer."* Die Bybel ons leer dat dit beter is om te gee as om te ontvang. (Hand. 20:35)

Begeer jy graag om meer te besit sodat jy meer kan gee?
God wil meer aan jou gee sodat jy meer vrygewig kan wees.
Neem 'n vaste besluit om altyd 'n gewer te wees.

## Is jy gelukkig in wat jy doen?

**2 Timoteus 4:5** Die Boodskap: *"Bly wakker en hou altyd kop. As dit jou in die moeilikheid bring, moenie bang word nie, maar hou aan om die mense van God te vertel, want dit is jou werk. Doen alles goed wat jou werk van jou vra."* Die 1953 vertaling sluit hierdie teks af met dié woorde: *"...vervul jou bediening."*

Baie mense is nie gelukkig in wat hulle elke dag doen nie. Jammer om te sê dat daar ook onvervulde mense in die kerk is. Is jy 'n vervulde persoon? Die Collins Engelse Woordeboek sê: *"Fulfilment is a feeling of satisfaction that you get from doing or achieving something, especially something useful."*

Weet jy hoekom is jy nie 'n vervulde persoon nie? Omdat jy jou passie verloor het. Jou passie is daardie sterk drang wat jou dryf en wat maak dat jy geniet wat jy doen. Dit kan ook wees dat die Here iets nuuts vir jou wil gee wat jy moet doen. Moontlik gee jy aan iets aandag, terwyl die Here jou nie daarvoor geroep het nie. Sou jy iets doen in jou kerk wat jou geestelik nie laat groei nie – moenie daarmee aanhou nie.

Wat sal jou help om weer volle geluk te smaak? Weet waarvoor God jou gemaak het. Volgens Gen. 1:26 het God jou gemaak om te heers. Wat jy ook moet doen is om die dinge wat seer gemaak het te vergeet. (Fil. 3:13) Jy moet ook jou posisie in Christus ken. Dit sal jy verstaan indien jy Efesiërs een sal lees en dit jou eie maak. Glo jy is geseënd; jy is vergewe en jy is verseël met die Heilige Gees.

Ware geluk is diep binne jou – nie daar buite nie.
Lees weer ons teks hierbo en doen wat dit van jou vra.
Mag jy 'n gelukkige en vervulde persoon wees.

# Die krag van die Heilige Gees

**Hand. 1:8** *"Julle sal krag (Dunamis) ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde."*

Die woord "krag" in ons teks, kom van die Griekse woord "dunamis" en dit beteken "inwonende krag." Dit is krag wat nie in ons is en dan weer sommer verdwyn nie, maar dit is krag wat in ons bly.

Kyk wat het ons ontvang deur die Heilige Gees. Gal. 5:22 *"Maar as dit die Heilige Gees is wat ons lewe oorheers, bewerk Hy die goeie dinge in ons soos die vrugte wat aan 'n boom gedra word. Hy gee liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, vrygewigheid, betroubaarheid, nederigheid en selfbeheersing."* (Die Lewende Bybel)

Het jy geweet dat Jesus se geboorte was deur die Heilige Gees? (Lukas 1:35) Jesus was ook gelei deur die Heilige Gees, in die woestyn, waar Hy versoek was deur die duiwel. (Matt. 4:1) Jesus was ook gesalf deur Sy Vader met die Heilige Gees. (Lukas 4:18; Hand. 10:38) Jesus het Sy opdragte gegee aan die eerste kerk deur die Heilige Gees. (Hand. 1:1,2) Verder was Jesus opgewek deur die Heilige Gees. (Rom. 8:11)

Die hoofrede waarom God ons Sy Heilige Gees gegee het, om in ons te bly, is om Sy getuienis te wees. Sy krag is nie net om ons te versterk nie, maar om uit te reik na hulle wat die blye boodskap nodig het. Laat toe dat God se Gees jou vandag gebruik om iemand te bemoedig.

Dank God vir die Heilige Gees wat in jou woning gemaak het.
Dit gee jou sekerheid dat jy aan God behoort. (Rom. 8:16)
Die vrug wat deur Sy Gees kom, kan jy deel met ander.

# Praat met jou berg!

**Markus 11:23** *"Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur – hy sal kry net wat hy sê."*

Hierdie is nogal 'n treffende gedeelte in die Bybel waar Jesus ons leer om met ons "berge van probleme" te praat. Een ding wat ek deur die jare geleer het was dat jy moet van die regte posisie praat met jou probleme. Nie van 'n posisie as verloorder nie, maar van 'n posisie as iemand wat meer as oorwinnaar is.

Hou op om met God te praat oor hoe groot jou berg is en begin met jou berg praat oor hoe groot jou God is. In ons teks hierbo het Jesus ons geleer om <u>met</u> ons berg te praat en nie om <u>oor</u> ons berg te praat nie. Baie praat oor hulle probleme en spreek nie hulle probleme aan nie.

Het jy geweet dat geloof in jou hart is, maar dat dit met jou mond uitgespreek moet word? Dit word mooi verduidelik in Rom. 10:8. En in 2 Kor. 4:13 lees ons: *"En omdat ons dieselfde Gees van geloof het – soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek – glo ons ook, daarom spreek ons ook."* Dit moet jy ook doen. Glo met jou hart en vertel jou probleem hoe groot jou God is.

Praat met jou berg in die Naam van die Here! Vir jou "siekte-berg" sê jy, soos volg: "Siekte, volgens 2 Pet. 2:24 is ek deur Jesus se wonde genees." Dieselfde doen jy met elke berg in jou lewe.

Moenie voor jou berg (jou probleem) gaan sit en huil nie!
Spreek elke probleem aan in die Naam van die Here.
Gebruik ook die tekste wat jy ken, wanneer jy dit doen.

## Jou posisie is beter as jou kondisie

**Efesiërs 1:7** *"In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade."*

Ons is soms meer bekommerd oor ons kondisie as oor ons posisie. Laat ek dit so verduidelik: Jou kondisie kan wees hoe jy nou liggaamlik en op materiële vlak is. Maar weet dat dit nie die belangrikste in jou lewe is nie. Die belangrikste is wat is jou posisie in Christus? Hoe sien God jou?

In die Ou Testament is daar 'n treffende verhaal van iemand met die naam van Mefibóset. Hy het lam geraak in albei sy bene toe hy vyf jaar oud was. Sy oppasser het hom laat val toe sy met hom gevlug het omdat hulle in gevaar was. Later lees ons dat Dawid aan Mefibóset guns bewys het. Hy het selfs aan die koning se tafel gesit en was soos 'n seun in Dawid se huis behandel. Uit sy kondisie (as 'n lam persoon) is hy verhoog na 'n posisie as 'n seun in die koning se huis. (2 Sam. 9)

Deur watter trouma het jy gekom? Geskei? Besigheid verloor? Wat het jou miskien geestelik "lam" gemaak? Ek wil jou vandag bemoedig: Hou op kyk na jou kondisie en fokus op jou posisie in Christus. Soos ons teks dit stel het jy in Hom verlossing deur Sy bloed en het jy volkome vergifnis na die rykdom van Sy genade. Wat meer kan jy begeer as dit?

Weeg jou posisie op teenoor jou huidige kondisie.
Watter een weeg vir jou die swaarste van die twee?
Oorwin jou kondisie deur te besef wat jou posisie in Christus is.

## Mense het moed nodig

**Jesaja 50:4** Die Lewende Bybel: *"Die Here het my geleer hoe om te praat sodat ek vir die wat moeg geword het iets kan sê wat hulle weer krag gee. Elke môre maak Hy my wakker en gee my die begeerte om te luister wat Hy my wil leer."*
Die Boodskap: *"Die Here het vir my die vermoë gegee om mense wat neerslagtig is, weer moed in te praat. Elke oggend spits ek my ore om verder by die Here te leer."*

Die Bybel is 'n boek wat vol hoop en moed is. Ek kan nie dink daar is tog mense wat dit nie lees nie, en ander wat dit selde doen. As God jou 'n boodskap gee om te bring, moet dit wees soos wat ons lees in 1 Kor. 14:3: *"Maar hy wat profeteer, (hy wat 'n boodskap van die Here te bring) spreek tot mense woorde van <u>stigting en troos en bemoediging</u>."* God wil nie mense seermaak nie, Hy wil mense bemoedig – want Hy is 'n God van liefde en genade.

Ek hou van ons teks wat sê dat die Here ons leer hoe ons moet praat om dié wat moeg geword het te bemoedig sodat hulle nuwe krag sal ervaar. Die Here wil elke môre ons die begeerte gee om na Hom te luister en dit dan te deel met iemand. Moenie wat jy van die Here ontvang vir jouself hou nie, deel dit met iemand, want dit mag net die woord wees wat hulle daardie oomblik nodig het.

*"Here help ons om nie te murmureer soos hulle in die wêreld nie, maar laat ons vrede saai oral waar ons beweeg."*

Moet nooit ophou om by God te leer nie – bly 'n student.
Besluit om elke dag van jou lewe 'n bemoediger te wees.
God wil 'n begeerte en passie in jou sit om 'n verskil te maak.

**Beskerm die eenheid**

**Efesiërs 4:3** Die Lewende Bybel: *"Die Heilige Gees verbind ons aan mekaar en gee ons eenheid, maar julle moet moeite doen om die eenheid te beskerm en in vrede met mekaar te lewe."*

Eenheid beteken om een geheel te vorm. Eenheid is baie belangrik, want dit gee mag en bind saam. Jesus het 'n sterk verklaring gemaak in Markus 3:24,25 toe Hy gesê het: *"En as 'n koninkryk teen homself verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie; en as 'n huis teen homself verdeeld is, kan daardie huis nie bly staan nie…"* Kan jy sien hoe belangrik dit is dat 'n gesin 'n eenheid sal vorm om sukses te bereik? Ons is nie almal dieselfde nie, maar ons moet waak teen verdeeldheid.

Wanneer ons bid moet ons leer om saam te stem soos wat Jesus ons geleer het in Matt. 18:19: *"Weer sê Ek vir julle: (dit is duidelik dat Jesus hierdie woorde meer as eenmaal gesê het) As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel van my Vader wat in die hemele is."* Vir my en my vrou was Matt. 18:19 'n sterk fondasie waarop ons gebou het.

Ek wil ook die volgende byvoeg: As 'n gemeente verdeeld is, sal daardie gemeente nie kan bly staan nie. En as 'n sportspan verdeeld is kan daardie span nie verwag om te wen nie. Hulle sal nie hulle beste kan lewer nie. Verdeeldheid bring divisie en breek af, terwyl eenheid saambind en opbou.

Daarom moet ons moeite doen om die eenheid te beskerm.
Ons moet nie net daaroor bid nie, werk ook daaraan.
Die Heilige Gees verbind ons aan mekaar en gee ons eenheid.

## God toets ons gehoorsaamheid

**Exodus 16:4** *"Toe het die Here vir Moses gesê: Let nou mooi op. Ek sal elke keer vir julle kos uit die hemel laat reën. Dan moet die volk elke dag gaan en dié dag se voorraad optel. So sal Ek toets of hulle My opdrag wil nakom of nie."*

Dit is treffend dat God Israel se gehoorsaamheid getoets het met brood wat in die vorm van manna elke oggend uit die hemel geval het. God gebruik hulle daaglikse kos om te sien of hulle na Hom sal luister. Hy het hulle gesê hoeveel om elke dag in te samel, wanneer hulle dit moet doen en wanneer nie, en wat om daarmee te doen nadat hulle dit opgetel het. En net daar gaan die Israeliete en slaag nie die toets van gehoorsaamheid nie.

God toets ons nog vandag om te sien of ons gehoorsaam sal wees, voordat Hy aan ons groot opdragte sal gee. Ons vra God wat ons moet doen, waarheen ons moet gaan en wat Hy van ons verwag. Maar wanneer ons getoets word in die klein dinge, dan faal ons die toets van gehoorsaamheid.

God toets eers ons gehoorsaamheid voordat Hy ons kan vertrou in groter opdragte. Daarom het God Israel se gehoorsaamheid getoets toe Hy aan hulle manna gegee het as hulle daaglikse brood. Hy moes seker maak dat hulle sou luister na Sy stem, want anders sou hulle vyande hulle vernietig het.

Wees gehoorsaam aan God in die klein dingetjies.
God moet weet Hy kan op jou staatmaak in enige opdrag.
Dan gaan die Here jou groter opdragte gee om te doen.

**Spreek vry, sodat jy vry kan wees**

**Lukas 17:3,4** Die Boodskap: *"Sorg dat jy elke dag op die regte pad bly. Wanneer dinge skeefloop tussen jou en ander gelowiges, gaan stel dit dadelik reg. Veral wanneer 'n ander gelowige 'n lelike ding aan jou doen. Gaan spreek hom daaroor aan. As hy jammer is daaroor, moet jy hom dadelik vergewe en daarvan vergeet."*

Om te vergewe is een van die belangrikste boodskappe wat daar is in ons Bybel. Ons Skrifgedeelte hierbo het ook 'n vyfde vers wat sê dat ons tot sewe keer per dag moet vergewe. Daar is sekere mense wat jy kan vermy, indien jy nie 'n verhouding met hulle wil aanknoop nie. Jy koop tog nie alles in 'n winkel nie, omdat jy sekere dinge nie nodig het nie óf dat dit nie in jou smaak val nie.

Die hoof rede waarom ek mense vryspreek is nie soseer omdat hulle dit verdien nie, maar omdat ek vry wil wees. Vergifnis werk só: Jy moet eers vergifnis by God kry vir jou sonde. Maar jy moet ook jouself kan vergewe. Baie kry moeilik om dit te doen, daarom loop hulle jare met 'n skuldgevoel, al het God hulle vergewe. Gaan staan voor 'n spieël, kyk jouself in die oë en vergewe jouself. Moenie jouself aankla nie, want dit is die duiwel se werk volgens Open. 12:10.

Sou daar iemand (of mense) wees wat jy moet vergewe, moet jy nie nalaat om dit te doen nie. Sou jy nie bereid wees om ander te vergewe nie, kan met jou gebeur wat met die man gebeur het in Matt. 18:15-35. Wat die woord "pynigers" beteken, in Matt. 18, kan ek nie maklik verduidelik nie – maar ek weet dit sluit smarte en ellende in.

Vir hierdie rede is dit die beste om ander te vergewe.
God het jou vergewe en Hy verwag jy moet dieselfde doen.
Lukas 6:37 sê: *"Spreek vry en julle sal vrygespreek word."*

## Jy is gemaak om te heers – om in besit te neem

**Genesis 1:26** *"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis en laat hulle heers..."*
Die Boodskap: *"Toe het God gesê: Kom Ons maak 'n mens, 'n mens wat iets van My in hom het en selfs 'n bietjie soos Ek lyk. Hy sal regeer..."*

God het die mens gemaak om te heers en om in besit te neem. Neem kennis dat in hierdie vertalings vind ons die woord "Ons" met n hoofletter. Die Vader, Seun en Heilige Gees, het saam besluit dat ons moet heersers wees.

Toe God vir Josua geroep het om Israel in hul beloofde land in te lei was die opdrag in Josua 1:9: *"Elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle."* Kyk weer hier na die woord "julle" wat beteken dat die opdrag ook vir die volk van Israel was. Ek is oortuig dat God vir Sy bloedgewaste kinders 'n soortgelyke opdrag gee.

Om ons land in besit te neem vir God, is ‵n baie ernstige opdrag. Ons as gelowiges behoort die volgende, vir die Here, in besit te neem: Elke familie-lid moet in besit geneem word vir God. Weerstaan dus enige aanslag wat kom teen jou geliefdes. Besighede moet hoofsaaklik bedryf word deur gelowiges. Die voorspoed van hierdie wêreld moet vir God se koninkryk aangewend word. Iemand het dit só gestel: *"The prosperity of this country lies in the hands of those serving God."* Kunste, Vermaak en Kultuur moet in besit geneem word vir God se koninkryk. Politieke leiers behoort mense te wees wat God dien. Dink daaraan dat Josef die Eerste Minister was van Egipte! Wat van Sport en Onderwys?

Wees aktief en ook beskikbaar in wat gesê was hierbo.
Moet nie passief staan en voel jy kan nie ‵n verskil maak nie.
God vra nie teveel wanneer Hy vra jy moet in besit neem nie.

## Praat sondes

**Kolossense 3:7,8** Die Boodskap: *"Julle weet goed waarvan ek praat (lees asseblief ook v. 6,7) Julle het self vroeër so geleef. Maar daardie tyd is nou vir julle verby. Dit beteken natuurlik dat al die lelike dinge waarvan God nie hou nie, ook vir julle iets van die verlede moet wees. Sal ek vir julle 'n paar opnoem? Dink maar aan 'n slegte humeur of om oor alles te wil baklei. Om 'n wrok te dra doen ook niemand goed nie.* ***(Hier word verwys na die praat sondes)*** *Moenie God in die skande steek deur die manier waarop jy praat nie. Moenie vloek nie; nee, selfs al laat jou woorde mense net ongemaklik voel, moet jy dit nie eers gebruik nie. Praat die waarheid met mekaar."*

Sonde is sonde, maar ek wil vandag gesels oor "Praat sondes" – dit is sondes wat met ons mond gedoen word. Dit is 'n sonde wat verhoudings breek en wat baie keer nie herstel kan word nie. In die gewone vertaling lees vers 8 soos volg: *"Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek…"* Dit is asof Paulus vir ons wil sê dat ons hierdie dinge moet uittrek soos wat ons onkruid sou uittrek wat tussen ons blomme en groente opkom.

Wat ons praat is baie belangrik. Salomo het heelwat geskryf oor wat uit ons mond sou kom. Soos: Spr. 13:3 *"Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe."* Spr. 15:1 *"'n Sagte antwoord laat woede bedaar; 'n krenkende woord laat woede ontvlam."* Spr. 16:24 *"Vriendelik woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente."* Spr. 17:27 *"Wie sy woorde inhou, besit kennis; en hy wat kalm is van gees, is 'n man van verstand."*

Oefen jouself om die volgende te oordink, voor jy praat.
"Is dit waar, is dit nou nodig, en sal dit opbouend wees.?"
Vra die Here om 'n wag voor jou mond te plaas.

## Ons bid maar ontvang nie?

**Jakobus 4:3** *"Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring."*
Die Lewende Bybel vertaal ons teks met: *"Selfs al bid julle daarvoor, kry julle dit nie, want julle bid verkeerd – julle wil net julle eie begeertes bevredig."*

Verstaan dit reg. Jy mag bid vir jou begeertes, daar is genoeg Skrifte wat dit vir ons leer. My geliefde teks hiervoor is in Ps. 37:4 *"…en verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart."*

Maar ons moet kennis dra daar is 'n regte manier van bid en daar is 'n verkeerde manier van bid. God moet altyd verheerlik word in wat ons in gebed mag vra. Daar is genoeg beloftes dat die Here ons gebede wil beantwoord. Dink maar net aan die volgende: Jesus het gesê in Joh. 14:13,14: *"En wat julle ook in My Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in My Naam vra, sal Ek dit doen."* Hy het ook gesê in Joh. 15:7: *"As julle in My bly en My Woord in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry."*

Dan sê Jesus die volgende in Matt. 7:7: *Bid en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop en vir julle sal oopgemaak word."* Verder lees ons in Markus 11:23-26 dat deur te bid, ons berge van probleme sal verdwyn. Maar dat terwyl ons met ons "berg" praat, ons ook moet vergewe. Ons sal alleenlik antwoord kry indien ons bereid is om te vergewe.

Jy mag met groot vrymoedigheid bid.
Maak net seker dat jy met die regte motief bid.
En bid dat God verheerlik sal word in wat jy van Hom vra.

**God se tydsberekening**

**Prediker 3:1,12** Die Lewende Bybel: *"God stel 'n tyd vas vir alles wat op aarde gebeur.*
*Vers 12: Alles wat God gemaak het, is goed op die tyd wat daarvoor bestem is."*

As mens is ons altyd haastig, en wil alles dadelik hê. Ons hou ook nie daarvan om in 'n tou te staan nie. As ons bid wil ons hê dit moet dadelik gebeur. Ons moet besef dat God se gedagtes is nie ons gedagtes nie, en Sy weë is nie ons weë nie. (Jes. 55:8) Wanneer jy besef dat God 'n tydsberekening het, sal jy kan ontspan in dié wete dat God in beheer is en dat Sy wil sal geskied. Die volgende vrae sal jy in God se hande laat: Wanneer gaan ek die regte lewensmaat ontmoet en wanneer gaan my drome waar word?

God is nie soos 'n OTM bank waar jy net 'n kode intik en kry waarvoor jy vra nie. Wanneer jy God vertrou, moet jy leer om rustig te wees omdat jy weet dat Hy nie laat sal wees nie. Wanneer jy bid dat iemand in jou gesin gered moet word, kan jy weet dat God meer bekommerd is as jy dat daardie persoon gered moet word. Jesus het Sy lewe gegee vir daardie familie-lid van jou. Toe ek een nag met die Here gepraat het oor twee van my kleinkinders se redding het die Here my geantwoord dat Hy mans genoeg is om na hulle om te sien, en dat ek Hom volkome kan vertrou. Dit het ek toe gedoen.

Hou op om te bekommer en bly glo dat Hy in beheer is van elkeen in jou familie. God doen dikwels die meeste wanneer ons dit die minste sien en voel. Bly ook glo dat by God alle dinge moontlik is. Die Here het nog nooit iets belowe wat nie gebeur het nie, want Hy is 'n waarmaker van Sy woord.

Onthou dat God 'n tyd vas stel van alles op aarde.
Hy het nie van jou vergeet nie en weet wat jy nodig het.
Alles wat God gemaak het is goed – en dit sluit jou ook in.

**Jy het drome, maar God ook**

**Jeremia 29:11** *"Want Ek weet watter gedagtes (drome) Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee."*

Mag dit waaroor jy droom 'n werklikheid word – natuurlik indien dit in God se wil is. Iemand wat nie drome het nie, het nie veel hoop vir die toekoms nie. Daarom moet jy bly droom en weet dat God ook 'n droom vir jou lewe het, en Sy droom vir jou is dat jy vrede sal hê asook 'n hoopvolle toekoms.

Dawid het ook groot drome gehad terwyl hy sy vader se skape opgepas het. Daar agter die skape was hy getrou om aan God lof te gee, wanneer hy gesing het dat die Here sy herder is. Op God se tyd is Dawid gestuur om kos vir sy broers te neem in die oorlog. Dit is daar dat hy gehoor het hoe Goliat vir Israel uitdaag en dit was God se tydsberekening om hom te gebruik om Goliat te verslaan, en later koning te word. Weet dit: God droom oor jou dat jy "geestelike reuse" sal verslaan. Sy krag sal in jou swakheid volbring word.

Dieselfde het gebeur met Josef. Hy het baie drome gehad oor hoe hy sal regeer. Maar hy moes wag vir God se regte tyd. Net jammer dat hy deur slegte ondervindings moes gaan, om heel bo uit te kom. Hy was sewentien jaar oud toe hy deur sy broers in 'n put gegooi was en as slaaf verkoop was, en hy was dertig jaar oud toe hy net onder koning Farao aangestel was oor die hele Egipteland. God se droom oor Josef was dat hy gebruik sou word om in 'n tyd van groot droogte kos te voorsien vir Egipte, en ook vir sy eie familie. God droom oor jou om jou ook te gebruik.

Ek vertrou dat jy ook groot drome het in jou hart?
Vra gerus die Here om Sy drome oor jou bekend te maak.
Ken Hom in alles en Hy sal jou op die regte pad lei. (Ps. 37:5)

**Is jy bekommerd oor jou kinders?**
**Ek gee aan jou die treffende Skrifgedeelte in Jer. 31:16,17:** *"So sê die Here: Bedwing jou stem van geween en jou oë van trane; want daar is loon vir jou arbeid, spreek die Here; en hulle sal uit die land van die vyand terugkom. Ja, daar is verwagting vir jou nakomelinge, spreek die Here; en die kinders sal terugkom na hulle gebied."*

Soos ek gewoond is lees ek ook wat ander vertalings sê oor die teks wat die Here op my hart gelê het. Hoor hoe stel Die Boodskap Jer. 31:16: *"Maar die Here sê: Hou op met huil en droog jou trane af. Jy sal beloon word vir al jou moeite wat jy vir jou kinders gedoen het. Jou kinders sal terugkom uit die land van die vyand."* Het jy gehoor wat sê die Here?

Praat ek met iemand wat bekommerd is oor jou kind (of kinders) wat weggedwaal het van die Here? Dan wil ek jou bemoedig deur te sê dat God sal jou seun en jou dogter (en ook jou kleinkinders) weer terug bring. Die "saad van die Woord" wat in hulle harte geplant was, sal groei tot Sy eer. Maak soos die ou lied wat ons gesing het, naamlik: *"Bring jou laste na die Heer en laat dit daar."* Moenie dit net los by die kruis om dit weer op te tel nie – los dit aan die voete van Jesus.

Vra die Here om jou hart te vul met vreugde olie. Laat hierdie Kersfees vir jou 'n ware Christus fees wees. Onthou die evangelie is goeie nuus – en goeie nuus is nie goeie nuus as dit werklik goeie nuus is nie.

Werp al jou bekommernis op Hom want Hy sorg vir jou.
En weet dat Sy skouers is baie breër en sterker as joune.
Glo die belofte in Jeremia 31:16,17 met jou hele hart.

## Waarheid maak vry

**Johannes 8:32** *En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak."*

Daar is 'n verhaal in die Bybel wat hierdie waarheid verduidelik. Dit is die een wat gaan oor die geboorte van Johannes die Doper. Ons lees daarvan in Lukas 1. Sagaria, Johannes die Doper se vader, het nie geglo dat sy vrou sou swanger kon word nie. Hulle albei was reeds op ver gevorderde leeftyd. In die tempel, waar Sagaria diens gedoen het, het daar 'n engel aan hom verskyn, en gesê dat hy vader sou word. Omdat hy dit nie kon glo nie, is hy stom gemaak vir die volle tydperk van Elisabet se swangerskap.

Johannes die Doper is toe gebore. Op die agste dag toe hy besny moes word was daar onsekerheid wat Johannes se naam moes wees. Almal wou hom vernoem na sy vader Sagaria. In Lukas 1:62-66 lees ons dat Sagaria gevra het dat 'n skryfbordjie aan hom gegee moes word. Daarop het Sagaria geskryf: *"Johannes is sy naam."* Almal was verbaas hieroor. Maar Lukas 1:64 sê: *"En onmiddellik is sy mond geopen en het sy tong losgeraak, en hy het gepraat en God geloof."* Die waarheid wat hy geskryf het, het hom vrygemaak. Dieselfde sal elke keer met ons gebeur indien ons waarheid sou praat asook waarheid skryf.

Lees gerus die res van hierdie storie van Sagaria. (Verse 67-80) Hy is vervul met die Heilige Gees en het 'n treffende profesie oor sy seun, Johannes die Doper, gegee. Dit sal ook gebeur met elkeen wat bevry is deur die waarheid.

Wil jy waarlik vry wees van enigiets wat jou bind?
Glo in ons teks en weet net waarheid sal jou vry maak.
Spreek waarheid met jou mond en skryf net waarheid.

## Rouklere of Feesklere?

**Jesaja 61:3** Die Lewende Bybel: *"Vir elkeen wat rouklere dra in Israel gee Hy feesklere om aan te trek. Hy gee vreugde in die plek van hulle hartseer, 'n loflied in plaas van hulle moedeloosheid."*

In Engels word gepraat van "a garment of praise" wat dankbaarheid en blydskap voorstel wanneer God se kinders lof aan Hom gee. Feesklere is die teenoorgestelde van rouklere. Jes. 61:1,2 het Jesus aangehaal in die Sinagoge, rakende Homself. Ons lees daarvan in Lukas 4:18-21. Daar in die sinagoge het Jesus gesê dat Hy het gekom om die gees van moedeloosheid te vervang met die kleed van lof. En dit is nog steeds wat Jesus vandag vir mense wil doen.

Hierdie boodskap, dat moedeloosheid vervang moet word met 'n loflied, moet ons verder dra na 'n wêreld van mense wat geestelike rouklere dra en nie moed het vir die lewe nie. Daagliks ontmoet ons hierdie mense wat bemoedig moet word. Geen wonder dat ons lees in Hand. 13:52 *"En die dissipels is vervul met blydskap en met die Heilige Gees."* Kom ons bid vir ware blydskap in die harte van God se kinders, sodat hulle dit kan oordra na ander.

Hulle wat die blydskap in die Here ken en wat feesklere dra is altyd besig om te kyk waar kan hulle God verheerlik. Hulle is besig om mense lief te hê en lof aan God te gee in alles. Hulle hou daarvan om te sing. Elke uitdaging is 'n geleentheid om te glo vir 'n oorwinning. Hulle geniet dit om saam met ander gelowiges te aanbid. Hulle sien die Here se hand in elke seëning en is gretig om Hom te eer.

Watter geestelike klere is jy mee gekleed?
Sien mense rouklere of feesklere, as hulle na jou kyk?
God wil ons aantrek met feesklere en ons vreugde gee.

## Hou moed en moenie vrees nie

**Psalm 112:1,6,7** *"Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien, wat al sy vreugde vind in die gebooie van die Here…Die regverdige sal nooit wankel nie, hy sal altyd onthou word…Vir slegte tyding is hy nie bevrees nie, hy is gerus, hy vertrou op die Here."*

Om 'n kind van God te wees beteken dit nie dat niks slegs met jou sal gebeur nie. Hierdie Psalm sal jou help om anders na moeilike tye te kyk en aan jou moed gee. Miskien vra jy: Hoekom moet probleme altyd my adres hê? Kan dit nie vir 'n slag iemand anders tref nie?

Probleme sal altyd deel wees van ons lewe. In Lukas 17:1 stel Jesus dit duidelik dat dit onvermydelik sal wees dat slegte dinge met ons kan gebeur. En in Joh. 16:33 sê Jesus: *"In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin."* Die Lewende Bybel vertaal dit met: *"In die ongelowige wêreld sal julle swaarkry, maar moenie bang wees nie, want Ek het die wêreld oorwin."* Omdat Hy oorwin het is ons meer as oorwinnaar!

Ek wil jou moed inpraat om nie te vrees nie. Selfs as slegte tyding so maklik by jou voordeur "afgelaai" word. Jy het dit mos nie bestel nie – en gewoonlik tref dit jou onverwags. Dank God, dat Sy liefde wat in ons harte is, alle vrees na buite uitdryf. Dit is hoe ek 1 Joh. 4:18 verstaan, naamlik: *"Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde (dit is liefde wat van God kom) dryf die vrees buite."*

Maak seker dat jy vol is van God se liefde.
Want Sy liefde sal jou beskerm teen enige vrees.
Jy sal rus en vrede ondervind, as slegte tyding kom.

**Halleluja**

**Psalm 150:6** *"Laat alles wat asem het, die Here loof! Halleluja!"*

Daar is hulle wat in die kerk nie die begeerte het om te sing en lof aan die Here te gee nie, want hulle voel nie om dit te doen nie. Hulle sê: "Ek dink nie dat lofprysing vir my bedoel is nie." Die Bybel sê dan dat alles wat asem het, die Here moet loof! Ander sê weer dat hulle die Here loof in hul hart. Moenie dink jy moet God net loof en prys in die kerk nie. Doen dit in jou huis. Dit moet 'n lewenswyse wees.

Ons is geskep om God te loof. Dawid het gesê in Psalm 34:2: *"Ek wil die Here altyd loof; Sy lof sal altyddeur in my mond wees."* Jy kan nie altyddeur lof in jou mond hê en ook murmureer nie. Jy moet besluit watter een in jou mond sal wees.

Psalm 150 is anders as die ander lof-Psalms. 'n Lof-Psalm begin met 'n oproep om God te loof. Psalm 150 sê nie ons moet God loof omdat daar 'n "want" daaraan gekoppel is nie. Hier word die hele skepping en mensdom genooi om God te loof. Omdat dit God is wat geloof moet word is dit nie nodig om enige rede te gee dat dit gedoen moet word nie. Dit is net genoeg om te sê: *"Laat alles wat asem haal, die Here loof."* (24/7 Bybel)

Neem weer tyd en lees 2 Kronieke 20, met aandag. Daar sal jy weer sien hoe God vir Israel oorwinning gegee het oor hulle vyande nie deur die swaard nie maar deur lofprysing wat hulle aan God gegee het. God sal ook vir jou oorwinning gee indien jy Hom kan loof en prys.

Meld jouself, elke dag aan, as 'n lofpryser vir God.
God soek mense wat Hom sal aanbid. (Joh. 4:23)
As jy asem het kan jy lof aan die Here gee.

## Moenie ophou om God te vertrou nie

**Romeine 4:19** Die Lewende Bybel: *"Hy (Abraham) het nie opgehou om op God te vertrou nie selfs toe hy byne honderd jaar oud was. Dit het nie vir hom saak gemaak dat hy reeds met een voet in die graf was en dat Sara, sy vrou, nie kinders kon hê nie."*

Hierdie boodskap vandag is nie net bedoel vir senior mense nie, maar vir elkeen wat op God vertrou. Natuurlik vir ouer mense wat agterkom dat alles in hulle liggame nie meer funksioneer soos voorheen nie, is dit 'n boodskap van bemoediging.

As gelowige moet ons leer om nie net te glo in dit wat ons sien nie. Ons geloof moet verder gaan as dit. Hier is Abraham vir ons 'n voorbeeld. Toe hy vyf-en-sewentig was het God hom belowe dat hy die vader van 'n groot nasie sou word. Nou op die hoë ouderdom van 'n honderd jaar, het hy God se belofte nog geglo, al het hy besef dat sy liggaam nie meer is soos dit was nie.

Volgens Heb. 11:1 is geloof 'n vaste vertroue op dié dinge wat ons op hoop en dit is ook ons bewys van die dinge wat ons nie kan sien nie. Die wêreld sê: Om te sien is om te glo, maar ons sê, om te glo is om te sien. Spreek dus jou eie liggaam aan en roep genesing en die regte funksionering van jou liggaamsdele, soos wat dit moet werk. Want deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. (Jes. 53:5)

Hy wat op die Here vertrou, bou nie op sand nie.
God is 'n waarmaker van elke belofte in Sy Woord.
Ken Hom dus in al jou weë, en Hy sal jou paaie gelyk maak.

**Loop oor van vrygewigheid**

**2 Korintiërs 9:8** Die Boodskap: *"God laat julle in al Sy goedheid deel. Nee, eintlik oorlaai Hy julle met sy genade sodat julle oorgenoeg van alles het. Julle het geen gebrek op geestelike of materiële gebied nie. Daarom kan julle altyd goed doen en ander mense help. Ja, julle lewe kan regtig oorloop van vrygewigheid en goeie werke…"*

Weet jy dat die Here jou "meer as genoeg" wil gee? Hoekom dink jy wil Hy dit doen? Sodat jy genoeg vir jouself sal hê asook om vir ander te gee. Vir hierdie rede kan ek nie verstaan dat mense sê dat hulle so dankbaar is omdat die Here net vir hulle altyd genoeg gee wat hulle nodig het.

Lees weer 2 Kor. 9:8 (ook in jou vertaling) totdat die waarheid daarvan vir jou sal oopbreek in jou hart. Dit is belangrik dat ons sal toelaat dat God ons denke sal verander (Rom. 12:2) sodat ons verlos kan word van 'n armoedige (poverty) denke. Want hierdie tipe denke verhinder geestelike groei in ons lewens.

Vir hierdie rede staan daar geskrywe in 2 Kor. 9:7: *"Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief."* Die Lewende Bybel sê dat God hou daarvan as iemand iets gee en dit met blydskap doen. En 'The Amplified Bible' vertaal 2 Kor. 9:7 met: *"God loves a cheerful (joyous – prompt to do it) giver, whose heart is in his giving."*

Vrygewigheid moet altyd 'n deel wees van jou lewe.
Moenie terug hou wanneer jy moet gee nie.
Besluit om altyd te gee uit dankbaarheid aan God.

## Die Here dra en versorg ons

**Jesaja 46:3,4** Die Boodskap: *"Vandat jy gebore is, het Ek vir jou gesorg. Toe jy 'n babatjie was, het Ek jou in my arms rondgedra. Selfs al word jy oud, sal Ek nog daar wees. Ek sal julle dra en julle versorg."*

Daar is een ding waarop jy altyd kan reken, en dit is dat God jou sal dra en versorg. Geen wonder dat Dawid kon uitroep in Ps. 68:20 *"Geloofd sy die Here! Dag ná dag dra Hy ons; God is ons heil! Sela."*

Die Lewende Bybel vertaal ons teks met: *"Ek het julle gedra van julle geboorte af. En as julle eendag oud en grys is, sal Ek nog altyd julle God wees. Dit is Ek wat julle gemaak het, en Ek sal julle dra en vir julle sorg en julle red."*

Wat 'n wonderlik belofte. Waarom twyfel ons dan so dikwels? Ek het weer gelees in Psalm 139 en net besef dat God ons baie spesiaal gemaak het. As God na ons kyk dan weet Hy dat hy ons goed gemaak het. Mag Hy elke keer glimlag wanneer Hy na ons kyk, waar ons ook onsself mag bevind. Lewe opreg en met integriteit, dan sal jy God se hart verbly. Dan sal jy ook sout van die aarde wees asook 'n lig in die wêreld.

Moet nooit twyfel dat God nie vir jou wil sorg nie. Glo met jou hele hart in Fil. 4:19 wat sê: *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."*

Mag jy versterk word deur Sy krag wat in jou is.
Mag jy nooit twyfel dat Hy jou dag vir dag dra nie.
Selfs wanneer die hare grys word, sal God daar wees vir jou.

## Jy is uniek gemaak

**Psalm 139:13,14** *"U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering…"*

Is jy ontevrede oor hoe jy lyk? Sou jy jou krom neus meer reguit wou hê? Jou bene langer en jou voete kleiner? Jou gewig minder of dalk meer? Onthou, God self het jou aanmekaargeweef in jou moederskoot. Hy het besluit dat jy swart krulhare en groen oë sal hê en effens korter sal wees as jou vriende. God het jou geskep. Jy is 'n unieke mens, net soos jy is. Jou etiket lees: Handgemaak met liefde, deur God. (Oorgeneem uit die 24/7 Bybel)

Daar is een boodskap wat ons meer as eenkeer moet kennis van dra. Dié boodskap is dat ons moet glo wat ons in Jesus Christus is. En wat so wonderlik is: Jy hoef nie die hele Bybel deur te lees om die antwoord te vind nie – jy kan net Ef. 1 deeglik lees om te weet wat jou posisie in Christus is.

Hier is my opsomming van Efesiërs hoofstuk een: Ten eerste moet ons weet dat ons geseëndes is in Christus. (Vers 1) Ook dat Hy ons uitverkies het. (Vers 2) Ons is in Hom verloste en vergeefde mense. (Vers 7) In Jesus Christus het ons erfgename geword. (Vers 11) En neem kennis dat 'n erfgenaam nie gewerk het om sy erfdeel te ontvang nie. En in Hom is ons verseël (bekragtig, bemagtig en beskerm) deur die Heilige Gees. (Vers 13) En wanneer ons Verse 20-23 saamvat, dan weet ons dat alle probleme onder ons voete geplaas is. Want Jesus is ons hoof en ons is die voete van Sy liggaam. (Sy liggaam verwys na Sy Kerk)

Kyk weer mooi na wie jy is in Jesus Christus.
Jy is baie spesiaal en uniek deur God gemaak.
Leef soos wat Hy jou gemaak het – Hy wil spog met jou.

# Christus het klaar betaal vir ons sondes

**Hebreërs 1:3,4** Die Boodskap: *"Wanneer jy na die Seun kyk, sien jy eintlik vir God self en hoe wonderlik Hy is. Die Seun lyk net soos God. Hy sorg dat alles in die skepping bly soos dit behoort te wees, want Hy hoef net te praat en dan gebeur dit. Nadat Hy gesorg het dat ons skoon gewas is van ons sondes, is Hy terug op die ereplek langs God. God het Hom belangriker as enige ander hemelse wese gemaak. Daar is nie 'n hemelse wese wat in status of posisie naby die Seun kom nie. Hy is eenvoudig baie groter as hulle."*

Hierdie is een van daardie Skrifgedeeltes wat 'n besondere diepte het. 'n Teks wat jy oor-en-oor moet lees totdat die waarheid daarvan tot jou deurdring. Dit vertel ons dat nadat Jesus die reiniging van ons sondes bewerk het, het Hy gaan sit aan die regterhand van Sy Vader. Jesus het daar gaan sit omdat Sy werk voltooi was!

Ek is so dankbaar dat die werk wat Jesus moes kom doen op aarde – naamlik om te betaal vir ons sondes aan die kruis – afgehandel is. Jy en ek het niks wat ons daarby kan voeg nie. Die plan vir ons Saligheid is afgehandel – al wat ons nou moet doen is om dit vir onsself te aanvaar. Ek wil glo dat jy dit reeds gedoen het?

Dit is regtig 'n voorreg om te weet dat jou sondes vergewe is en dat jy nie onder enige veroordeling hoef te lewe nie. Ons lees in Rom. 8:1 *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."*

Wees dankbaar dat Christus betaal het vir jou sondes.
Vertel ook ander ook dat Hy vir hulle sondes betaal het.
Dank God dat Jesus Christus 'n volkome werk kom doen het.

## Daar is twee soorte vrees

**Psalm 111:10** *"Die vrees van die Here is die beginsel van wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand…"*
Die Lewende Bybel: *"Om vir die Here ontsag te hê, is die fondament van die kennis. Vir almal wat hierdie ontsag het, gee Hy 'n goeie begrip…"*

Ons teks leer ons dat daar 'n vrees (of dan 'n ontsag) is wat ons vir God moet hê. Ons lees ook in Spr. 14:27 *"Die vrees van die Here is 'n fontein van die lewe…"* Jy en ek moet nooit ons vrees (ons ontsag) vir God verloor nie.

Maar daar is ook 'n menslike vrees. Dit is hierdie tipe vrees wat ons benoud maak en baie skade bring in ons gemoed. Job het dit ontdek en daarom het hy die volgende groot waarheid neergeskryf in Job. 3:25: *"As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my; en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe."*

Ons moet ook kennis neem dat die meeste dinge wat ons in elk geval gevrees het, nooit plaasgevind het nie. Al gaan jy ook deur 'n dal van doodskaduwee hoef jy nie te vrees nie, want God is met jou. (Ps. 23:4) Wanneer nood kom, dan roep jy uit wat geskryf staan in Ps. 27:1: *"Die Here is my lig en my heil; vir wie sou ek vrees? Die Here is die toevlug van my lewe…"* Vergeet ook nie Psalm 112:7,8 nie.

Vir jou sê die Here vandag: Jesaja 41:10 *"Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand."*

As vrees aan jou deur klop – weerstaan dit met die Woord.
Jy het nie 'n gees van vreesagtigheid ontvang nie. (2 Tim. 1:7)
Jy het ontvang 'n gees van krag, liefde en selfbeheersing.

**In watter Psalm is jy?**

**Psalm 38:2,7,8** *"O Here, straf my nie in U toorn nie en kasty my nie in U grimmigheid nie…Ek is krom, heeltemal geboë; die hele dag gaan ek in die rou; want my lendene is vol ontsteking, en daar is geen heel plek in my vlees nie."*

**Psalm 40:2,3,4** *"Ek het die Here lank verwag, en Hy het Hom na my toe neergebuig en my hulpgeroep gehoor; en Hy het my uit die kuil van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek en my voete op 'n rots gestel; Hy het my gange vasgemaak. En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse God. Baie sal dit sien en vrees en op die Here vertrou."*

My vraag aan jou is, in watter Psalm is jy vandag? Soos wat die Here vir Dawid geneem het uit Psalm 38 na Psalm 40 – só wil die Here dit ook doen vir jou. Ek is oortuig dat God jou 'n nuwe lied wil gee, soos wat Hy dit vir Israel gegee het nadat hulle deur die Rooi see gegaan het. (Ex. 15) Ook soos wat Hy 'n lied gegee het vir die profeet in Habakuk 3:17,16. (Lees hierdie gedeeltes.)

Tans is God besig met herstelwerk in Sy kerk. Hy gaan ons hartseer liedere verander in liedere van lof en prys. Die pandemie plus al die druk wat ons beleef het die laaste twee jaar, het ons mense gelaat met hartseer en droefheid. Ek wil glo dat God ons as volk 'n nuwe lied gaan gee. Glo dit ook vir jouself en jou familie.

Ons moet nooit vergeet dat ons die God van die onmoontlike dien nie – ook die een wat <u>in 'n dag</u> (let op hierdie woorde) ons toekoms kan verander. Haal gerus jou lied van blydskap uit en sing dit aan die liefling van jou siel, naamlik Jesus Christus.

Maak 'n verklaring dat jy oorbeweeg uit Psalm 38 na Psalm 40.
Wees kinderlik en opreg wanneer jy dit van harte doen.
Dit is die moeite werd om die Here te loof en te prys.

# Ons sondes is weggeneem

**Johannes 1:29** *"Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem."*

Neem kennis: Ons sondes is nie net vergewe nie, maar ons sondes is weggeneem. In 2 Kor. 5:21 lees ons: *"As ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie."* (Die Lewende Bybel) Ook in hierdie teks, soos in Joh. 1:29 word die woord "weggeneem" gebruik. Om iets weg te neem, meen dat dit nie meer naby ons is nie. Dit meen dat iets verwyder is van ons. Dit is presies wat God doen wanneer Hy ons sondes vergewe as ons Hom vra om dit te doen.

As jy 'n sonde gedoen het moet jy leer om dadelik vergifnis te vra volgens wat ons lees in 1 Joh. 1:9: *"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."* En weet jy wat? God vergewe dadelik. Moenie dat 'n skuldgevoel en 'n gevoel van onwaardigheid jou van vergifnis beroof nie. Dank eerder die Here vir volkome vergifnis.

Die eerste jaar ná my bekering – en ek was maar sestien jaar oud – het ek kort-kort dieselfde sondes oor-en-oor bely. Dit was omdat ek net nie kon glo dat Jesus al my sondes vergewe het nie. Gelukkig het 'n ander gelowige dit aan my verduidelik dat ek 'n nuwe skepsel in Christus is en dat daar geen veroordeling is vir hulle wat in Hom is nie. (2 Kor. 5:17 en Rom. 1:8) Dié waarhede het my vry gemaak van skuld.

Al is jy lankal 'n gelowige moet jy hierdie waarheid onthou. Leer mede-gelowiges om te glo hulle sondes is weggeneem. Help ongelowiges om ook vry te kom van 'n skuldgevoel.

# As God jou vrymaak!

**Johannes 8:32,36** *"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak…As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees."*

Dank God, hierdie Evangelie is 'n vrymakende Evangelie. Dié wat verneder is, word herstel. Dié gebrokene word heel gemaak. Dié wat vasgevang is in enige sonde, word vrygespreek. Dié wat treur word vertroos. En elke keer wanneer die Here dit doen, dan doen Hy dit so volkome. In elk geval doen die Here nooit halwe werk nie.

Die Here wil ons vrymaak van vrees. In Job 3:25 lees ons: *"As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my; en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe."* Ek is so dankbaar dat die Here ons nie 'n gees gegee het van vreesagtigheid nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing. (2 Tim. 1:7) God wil ons ook vrymaak van 'n verslae gees. Spr. 17:22 sê: *"'n Verslae gees ('n neerslagtige gees) laat die gebeente uitdroog."* In die Amplified Bybel word dit vertaal met: *"A happy heart is a good medicine, and a cheerful mind works healing, but a broken spirit dries the bones."*

Ek is seker ek praat met iemand wat kan getuig dat die Here jou vrygemaak het? Saam is ons dankbaar dat ons 'n God dien wat ons nie net eenkeer nie, maar talle kere vrygemaak het. Hoe sal ons Hom genoeg kan dank daarvoor? Wat ons nou moet doen is om te leef soos mense wat vry is. Jy toets dit by jou blydskap, want 'n vry mens is 'n bly mens!

Sorg dat jy altyd in waarheid wandel, om vry te kan wees.
Onwaarheid en leuens bind 'n mens in sy gees.
*"A happy heart is good medicine, and a cheerful mind works healing."*

**Goeie raad – kyk na jouself**

**Filippense 2:25-27** *"Maar ek het dit noodsaaklik geag om Epaphroditus, my broeder en medewerker en medestryder, julle afgevaardigde en bedienaar van my behoefte, na julle te stuur...Hy was ook siek tot die dood; maar God was hom barmhartig..."*

In Filippense 2:25-30 lees ons van a man met die naam van Epaphroditus wat baie siek was omdat hy homself uitgebrand het in die werk van die Here. Hy was ook emosioneel op breekpunt en het huis toe verlang. Hy het so siek geword dat hy byna gesterf het.

Paulus stuur hom huis toe en vra die gelowiges om mooi na hom te kyk, nadat die Here sy lewe gespaar het. Ek vind dit treffend, dat nadat die Here hom genees het was dit ook belangrik dat hy moes rus. God verwag van ons dieselfde. Dit is om in balans te lewe. Epaphroditus het hard gewerk vir die Here, maar nie gekyk na sy liggaamlike gesondheid nie.

My Apteker het jare gelede my baie goeie raad gegee. Sy raad was dat ek moes luister na my liggaam. Baie keer luister ons na ander mense meer as na ons eie liggaam. In jou binneste is daar 'n "goeie" stem wat met jou praat – moenie dit ignoreer nie. Jy sal weet of dit 'n goeie stem is of nie.

Ek wil iemand vandag goeie raad gee – en dit is kyk mooi na jouself. Moenie jouself "uitbrand" nie. Ook vir jou het die Here groot dinge gedoen en jou genees van siekte. Uit dankbaarheid teenoor God moet jy besluit om tyd te maak om genoegsame rus vir jou liggaam toe te laat. Jy is al een wat daaroor kan besluit.

Onthou: Net jy weet hoe jy voel in jou liggaam.
Jy is die een wat besluite moet neem oor jouself.
Jou liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees. (1 Kor. 6:19)

# God sal vir jou voorsien

**Filippense 4:18,19** *"Maar ek (Paulus) het alles ontvang, en ek het oorvloed. Ek het dit volop noudat ek van Epafrodites ontvang het wat deur julle gestuur is. 'n Lieflike geur, 'n welgevallige offer, welbehaaglik by God. En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."*

Die boodskap wat ons nooit moet vergeet nie is dat God vir ons altyd sal voorsien. Maar ek vra jou om mooi te kyk in watter omstandighede het Paulus vers 19 aan die Filippense geskryf. Om dit te verstaan moet jy lees vanaf vers 15. Paulus bedank hulle as gemeente dat hulle vir sy behoeftes *"meer as een maal iets gestuur"* het. Ons lees hierdie woorde in vers 16. In vers 18 laat hy hulle weet dat hy oorvloed het nadat hy, wat hulle gestuur het, ontvang het van Epafroditus.

Die rede dat ek hierdie verduideliking gee is omdat daar hulle is wat die beloftes dat die Here vir hulle sal voorsien glo, maar vergeet dat Paulus dit geskryf het aan 'n gemeente wat eers vir hom voorsien het. Jesus het ons geleer in Luk. 6:38: *"Gee, en aan julle sal gegee word…"* Jy moet eers gee voordat jy kan verwag om te ontvang. Ons moet tog immers eers "saai" voordat ons kan "maai" – daar is hulle wat graag wil ontvang terwyl hulle nie bereid is om te gee nie.

Paulus leer ook in Hand. 20:35: *"Dit is saliger om te gee as om te ontvang."* Maar ek wil byvoeg dat jy moet ook leer om te ontvang. Moenie sê dat jy gee sonder om iets te ontvang nie, want indien jy dit glo dan aanvaar jy nie wat Jesus gesê het in Luk. 6:38 nie.

Ek het jare gelede besluit om 'n gewer te wees.
Met dankbaarheid kan ek getuig dat ek baie ontvang het.
Onthou altyd: Dat God graag vir jou wil voorsien.

## Omring jouself met gelowiges

**Handelinge 14:19,20** *"Maar daar het Jode van Antiochië en Ikónium aangekom, en hulle het, nadat hulle die skare omgepraat het, Paulus gestenig en hom buitekant die stad gesleep, met die gedagte dat hy dood was. Maar toe die dissipels hom omring, het hy opgestaan en in die stad gekom en die volgende dag saam met Bárnabas na Derbe vertrek."*

Daardie dag toe Paulus gestenig was, en hy buitekant die stad gesleep was as iemand wat dood was, was sy redding dat hy omring was met gelowiges. Hierdie is 'n baie sterk boodskap waarvan ons kennis moet neem. Ek kan nie verstaan dat Christene hulleself nie laat "omring" met ander gelowiges nie. Wat dink jy sou met Paulus daardie dag gebeur het as die dissipels hom nie omring het nie?

Wanneer ons 'n studie maak van 1 Kor. 12:18-26 dan sal ons sien hoe belangrik dit is om deel te wees van ander gelowiges. Lees 1 Kor. 12:25 omdat dit die doel van 'n gemeente saamvat: In hierdie teks staan geskrywe dat daar geen verdeeldheid in die gemeente moet wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar moet hê. Vers 26 sê: *"En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly."*

Dit is wat gebeur het met Paulus in ons Skrifgedeelte. Daar waar hy as dood gelê het, nadat hy gestenig was, was daar gelowiges wat saam met hom was. Hulle het hom omring en vir hom gebid. God het hulle gehoor want Paulus het opgestaan om verder die woord te verkondig.

Besluit om jouself te omring met ander gelowiges.
In tye van nood sal dit hulle wees wat vir jou sal bid.
Daarsonder sal jy dit nie maak nie.

## Geloof werk deur die liefde

**Galasiërs 5:6** *"Want in Christus Jesus het nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk."*

Die vertaling van 'Die Boodskap' maak dit miskien duideliker, met dié volgende: *"Al wat saak maak, is geloof, daardie soort geloof wat maak dat ons ander mense met alles in ons liefhet."* Het jy geweet dat die gawes werk deur die liefde? Enige gawe wat in 'n gemeente werk, sal 'n seën wees as dit in liefde gedoen word.

Enige bediening wat in 'n gemeente plaasvind, sal net suksesvol wees as dit met liefde gedoen word. Al sou iemand geloof besit wat 'n berg kan verskuif, maar hy het nie liefde nie, sal sy geloof nie veel werd wees nie.

Daarom vind ons die hoofstuk oor die liefde, naamlik 1 Kor. 13, tussen hoofstuk 12 en 14. 1 Kor. 12 gaan oor hoe die liggaam van Christus (die kerk) saamgestel is, en 1 Kor. 14 gaan oor hoe die gawes van die Heilige Gees behoort te werk in die kerk.

Mag ek vra dat wanneer jy vir 'n sieke en gebroke mens bid, dat jy dit altyd met die grootste liefde sal doen? Ek vra dit want ek het al siekes gekry wat so seer gemaak was omdat bidders met veroordeling vir hulle gebid het. Die sieke moet nooit voel dat hulle die een is wat nie geloof het nie. Gee 'n woord wat jy van die Here ontvang het vir iemand met liefde. (1 Kor. 14:3)

Geloof, hoop en liefde is baie belangrik – maar die grootste is die liefde.
Daarom staan daar geskrywe in 1 Kor. 13:13: *"En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde."*

**Blydskap in die Heilige Gees**

**Romeine 14:17** *"Want die koninkryk van God is nie spys en drank bie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees."*

**Romeine 15:13** *"En mag die God van hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees,"*

Kyk watter rol speel die Heilige Gees in albei hierdie Skrifgedeeltes. Die blydskap wat die Heilige Gees gee, is die beste blydskap wat jy kan kry. Hierdie wêreld het in elk geval nie ware blydskap nie. Die Heilige Gees is die een wat die volle blydskap en oorwinning wat Jesus Christus aan die kruis behaal het, 'n werklikheid vir ons maak.

Blydskap en vreugde is nie net die warm en gelukkige emosie wat jy soms ervaar as alles goed gaan nie. Blydskap is een van die sterkste geestelike kragte wat daar is. Kyk weer mooi na Nehemia 8:11: *"Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die Here – dit is julle beskutting."* Indien jy beskerm wil word met blydskap, moet jy nie die woorde "in die Here" uitlaat nie. Geen blydskap "buite die Here" sal jou ooit kan beskerm nie, Net soos wat vrees voor geloof moet buig, so moet teleurstelling plek maak vir blydskap.

Blydskap is ook deel van die vrug van die Heilige Gees, volgens Gal. 5:22, en dit is in jou omdat die Heilige Gees dit in jou geplaas het. Jy moet blydskap laat uitkom deur lof aan God te gee in die moeilikste omstandigheid. Beoefen wat geskrywe staan in Fil. 4:4, naamlik: *"Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!"*

Neem tyd om God te dank vir die blydskap in die Heilige Gees.
Die Heilige Gees wil die blydskap in jou, laat uitkom.
Maar jy is die een wat jouself moet verbly in die Here.

**Bid vir vernuwing – dit bring blydskap**

**Psalm 85:7** Die Boodskap: *"Help ons om weer nuut te begin lewe sodat U kinders vrolik en bly kan wees."*

In die 1953 vertaling is ons teks vertaal met: *"Sal U ons nie weer lewend maak sodat u volk in U bly kan wees nie?"* Herlewing (of vernuwing) en blydskap kan nie van mekaar geskei word nie. Blydskap is sinoniem met vreugde. Albei is ‛n keuse. Dit is ‛n keuse want Fil. 4:4 sê: *"Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!"*

Die skrywer, Rick Warren, gee sy definisie van blydskap: *"Joy is the settled assurance that God is in control of all the details of my life, the quiet confidence that ultimately everything is going to be alright and the determined choice to praise God in every situation."*
In Joh. 16:22 het Jesus ‛n sterk verklaring aan Sy dissipels gemaak: *"Ek sal julle weer sien en julle hart sal bly word, en niemand neem julle blydskap van julle weg nie."* In hierdie woord "niemand" verstaan ek dat nie eers die duiwel kan ons blydskap van ons wegneem nie – moet hom dus nie toestemming gee om jou blydskap te steel nie!
Ons wat agter maskers leef, moet ander moed en hoop gee. Jy kan blydskap deur jou oë oordra, al hoor ander dit nie eers uit jou mond nie. Onthou jy kan die blye boodskap, naamlik die evangelie, aan mense oordra sonder woorde. Blydskap het nie altyd woorde nodig nie – en blydskap is aansteeklik.

Kom ons bid ernstig vir vernuwing en blydskap.
As Christene kan ons leer om ons meer te verbly in die Here.
Besluit vandag om ‛n glimlag op iemand se gesig te plaas.

**Jesus sê: "Kom na My toe."**

**Matteüs 11:28** Die Boodskap: *"Voel julle moeg vir hierdie lewe? Knak julle knieë onder al die probleme en verantwoordelikhede wat julle moet dra? Het julle godsdiens leeg geword sodat dit julle geestelike dors nie meer les nie? Kom dan na My toe! Ja, kom wy jou lewe aan My toe. By My sal jy weer die sin van die lewe ontdek. Kom luister na wat Ek vir jou oor jou lewe wil leer. Ek sal jou leer dat geluk nie is om heeltyd net vir jouself te leef nie. Jy sal ontdek wat dit beteken om nog vir ander mense tyd en liefde oor te hê."*

Hierdie uitnodiging van Jesus in ons Skrifgedeelte, lees in enige vertaling treffend. Maar in 'Die Boodskap' is daar nog meer waarhede. Miskien knak jou knieë onder die druk van hierdie lewe? Om te luister na die nuus van elke dag, maak 'n mens moeg. Dit voel amper of daar nie meer goeie nuus is nie. Ek hoop nie jou godsdiens het vir jou "leeg" geword nie? Ek hoop ook nie jy gaan kerk toe en kom daaruit met frustrasie en 'n onvervulde hart nie?

Die les wat Jesus ons in hierdie teks leer is dat geluk nie is om heeltyd net vir jouself te leef nie, maar vir ander mense tyd en liefde oor te hê. Liefde wat ons aan ander gee, sal ons help om voluit te leef. Gee liefde en vriendelikheid, dan sal jy vind hoe dit in 'n groter mate na jou terugkom.

Dank God vir die rus en vrede wat Jesus vir ons gee. Vrede is nie die afwesigheid van spanning nie, maar die wete dat jy in God kan rus vind. Dit is die kalmte wat jy beleef wanneer jy weet dat jy by God veilig is. En daarvoor het ons al die beloftes in die Bybel tot ons beskikking.

Besluit om voluit vir die Here te leef.
In Hom is daar vrede, veiligheid en voorsiening.
Neem weer Jesus se uitnodiging aan in Matt. 11:28.

## Soek jy lig en genesing?

**Jesaja 58:8** *"Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uitgaan, die heerlikheid van die Here jou agterhoede wees."*

Wanneer belowe God dat lig vir ons sal deurbreek en wanneer belowe Hy genesing? Die antwoord vind ons in die vorige tekste in ons Skrifgedeelte. Ons moet nooit net een teks lees en net dit glo nie. Lees altyd wat voor 'n uitstaande teks gesê word asook na daardie teks om sodoende die volle waarheid wat daarin is te verstaan.

Die antwoord op ons vrae vandag vind ons in Jesaja 58:6,7. Daarin sê die Here dat indien ons aan die honger persoon brood gee en iemand wat naak is klere gee, dan sal die Here Sy teenwoordigheid oor ons laat skyn en vir ons genesing gee. Dit kom hierop neer: Doen goed aan mense in nood. Die Lewende Bybel vertaal ons teks met: *"Dan sal Ek julle volk herstel sodat julle regverdige optrede kan sien en my teenwoordigheid sal julle beskerming wees."*

Ek is so dankbaar dat ons 'n God dien wat lig kan gee oor enige saak waarin ons Hom vertrou. Hy bly ook ons Groot Geneesheer en kan onmoontlike dinge moontlik maak, as ons net kan glo. Vertrou die Here vir wat jy nou nodig het en mag lig vir jou deurbreek en genesing plaasvind. Dit geld vir jou en jou geliefdes.

Dra dié boodskap in ons teks oor aan ander wat dit nodig het.
Ons moet altyd daar wees vir hulle wat in nood is.
Ek vra: *"Let us be His hand extended, to those that need Him."*

## Kan jy nog ween oor mense?

**Jeremia 9:1** *"Ag, was my kop maar vol water en my oë 'n fontein van trane, dan sou ek dag en nag huil oor my volksgenote wat gesneuwel het."*

Jeremia kon ween oor sy mense. Het ons ook die passie om met trane in te tree vir ons mense? Die toestand in die wêreld het versleg – praat nie eers van die oorlog wat tans aan die gang is in Ukraine nie. Families wat moes vlug na ander lande en die manne wat moes agterbly om hul land te verdedig. Baie van hulle was nooit eers opgelei om 'n wapen te hanteer nie! Dit nogal teen die oormag Russiese soldate. Neem kennis: Ukraine het van die grootste bevolking gelowiges in Europa. Kom ons bid vir hulle met trane voor die Here.

Ek vra jou om te ween voor God, sodat ons weer Hom sal prys vir die oorwinning wat Hy aan Sy mense sal gee. Dit is so dat daar 'n tyd is om te ween, maar dank God daar is ook 'n tyd is om te lag. Ons lees daarvan in Pred. 3:4. Jeremia het gehuil oor sy volk en skryf in Jer. 13:17 die volgende: *"My oog sal bitterlik huil en afloop in trane, omdat die kudde van die Here as gevangenes weggevoer is."* Dit was toe Israel as ballinge weggevoer was na Babel. Ons moet ween en bid vir hulle wat slawe van die siele-vyand geword het.

Ons moet nooit toelaat dat ons harte verhard nie. In Ps. 51:19 staan daar: *"Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie."* Die Hebreeuse woord vir "gebroke" is om in "stukke te breek".

God soek gebroke harte wat ernstig tot Hom sal bid.
Wees 'n voorbidder vir hulle wat in nood verkeer.
God is die hoorder en die antwoorder van gebed.

## Ons wapens is nie vleeslik nie

**2 Korinthiërs 10:3-5** *"Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus."*

Een van ons sterkste wapens is die Woord van God. Toe die duiwel Jesus versoek het in die woestyn, kon Hy Sy Vader gevra het vir duisende engele om Hom te help. Tog het Hy dit nie gedoen nie, maar vir die duiwel gesê "Daar staan geskrywe." Dit moet jy doen, veral as jy geestelik aangeval word in jou slaap. Gebruik tekste as 'n wapen teen die vyand.

Lofprysing is nog 'n kragtige wapen. Een van die beste voorbeelde in die Bybel vind ons in 2 Kron 20. Dit is waar 'n oormag soldate gekom het om teen Juda te veg. Josafat het uitgeroep in 2 Kron. 20:12 *"Onse God, sal U nie teen hulle strafgerig oefen nie? Want in ons is geen krag teenoor hierdie groot menigte wat teen ons gekom het nie; en ons weet nie wat ons moet doen nie, maar ons oë is op U."* God se antwoord op sy gebed vind in vers 15: *"Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God."* Neem dit ook as jou antwoord vandag.

Die lofprysing aan God het daardie dag 'n groot oorwinning gegee. Lofprysing is een van jou sterkste wapens teen enige aanval van die siele-vyand. Lees verder wat gebeur het in hierdie verhaal. (2 Kron. 20:20-26) Ware oorwinning begin met ware lofprysing aan God.

Het jy ook vandag hierdie soort oorwinning nodig?
Staan op en gee lof en prys aan jou hemelse Vader.
Gebruik ook jou ander wapen, naamlik God se Woord.

**Wat bring geluk?**

**Psalm 32:1,2** *"Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die Here die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."*

Die Lewende Bybel vertaal dit met: *"'n Mens kan werklik gelukkig wees as sy sonde weggeneem is en sy misdade vergewe is. 'n Mens kan werklik gelukkig wees as die Here hom nie meer verantwoordelik hou vir sy oortredinge nie, en hy geen bedrog in sy hart het nie."*

Hoe gelukkig is jy? *"Happiness is not having what you want, but wanting what you have." "Laughter is to life what shock absorbers are to cars. Shock absorbers won't take the potholes out of the road, but it sure makes the ride smoother."*

Een ding wat ons leer uit ons Skrifgedeelte is dat jy 'n gelukkige mens kan wees as jou sondes vergewe is. Ek vertrou dat jy wat hier lees daarvan kan getuig? Jy is ook 'n gelukkige mens wanneer jy besef dat jy nie vir jou skuld betaal het nie, maar dat Jesus die volle prys daarvoor betaal het, aan die kruis.

Kan ek jou vertel hoe die Here Martin Luther 'n gelukkige en vry mens gemaak het? Hy het drie keer per week gevas en in yskoue weer sonder 'n kombers geslaap – alles 'n pogings om geluk te vind in die Here. Hy het geglo dat die Here baie goed is, maar die mens baie sleg is. Eendag, terwyl hy weer die Bybel gelees het, was dit asof hy vir die eerste keer Rom. 1:17 raaksien, wat soos volg lees: *"...die regverdige sal uit die geloof lewe."* Ware geloof in God het geluk in sy hart gebring.

Toets jouself of jy ware geluk in jou hart het.
Maak seker dat jy volkome vergewe is deur God.
Dra jou geluk oor aan ander mense wat jy ontmoet.

# Leef voluit vir God

**Romeine 12:11** Die Boodskap: *"Moenie vir een enkele oomblik verslap in julle diens aan die Here nie. Nee, laat die Gees julle met Sy krag aan die brand steek sodat julle voluit vir God kan leef. Dien die Here met groot oorgawe."*

In die vertaling van 'The Message' staan geskrywe: *"Don't burn out; keep yourself fuelled and aflame."* Dit is 'n goeie vertaling wat ons leer dat indien ons voluit vir God wil leef moet ons innerlike "brandstof en vuur" van Hom kry.

'n Groot waarheid is: Sonder 'n passie en entoesiasme sal ons nie die hoogste sport in die lewe bereik nie. Entoesiasme sal jou energie vlak verhoog. Dit maak jou vrymoedig en gee jou moed om dinge te doen. Ouderdom mag jou vel vol plooie maak, maar as jy jou passie en entoesiasme verloor het, sal daar "plooie" in jou siel ontstaan.

Dawid se entoesiasme om die Naam van die God van Israel te beskerm het hom die moed gegee om Goliat te verslaan. Die entoesiasme en passie in Paulus se lewe het hom gehelp om op 'n boot wat besig was om te sink, vir die bevreesde manne moed in te praat, naamlik: *"Daarom, hou moed, manne; want ek glo God..."* (Hand. 27:25)

Indien jy jou passie en entoesiasme verloor het, besluit om God se gawe wat in jou is aan te wakker! (2 Tim. 1:6) Jy is soos iemand wat op 'n baan hardloop. Hardloop só dat jy verseker die prys kan behaal. (1 Kor. 9:24) Jy moet ook ontslae raak van jou verkeerde verlede, en jou uitstrek na dit wat vir jou wag. (Fil. 3:13,14)

Om voluit te leef vir God, sal jy 'n besluit moet neem.
Weet dat Sy krag in jou swakheid volbring sal word.
Laat toe dat Sy Gees jou aan die brand steek met Sy krag.

# Wat jy sê is belangrik

**Spreuke 10:19** *"By veelheid van woorde ontbreek die oortreding nie; maar hy wat sy lippe inhou, handel verstandig."*

Kyk weer mooi na Psalm 91:2 *"Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou."* Jy moet nie net glo dat die Here jou toevlug is nie, maar jy moet dit sê. In Spr. 18:21 lees ons: *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik; sal die vrug daarvan eet."* Die vertaling van Die Lewende Bybel, stel dit soos volg: *"Maar 'n mens se woorde kan verskillende gevolge hê – dit kan doodmaak of lewe gee."* Kan jy sien hoe belangrik is dit wat jy sê?

Die geesteswêreld reageer nie op wat jy bedoel nie, maar op wat jy sê. Ons lees ook in Markus 11:23 *"Elkeen wat vir hierdie berg (jou probleem) sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur – hy sal kry net wat hy sê."* Hier staan nie dat jy sal kry wat jy bedoel of dink nie, maar hier is geskrywe dat wat jy sê, sal jy ontvang. Dit is dus wat jy sê wat tel. Oefen jou mond om te praat wat geskrywe staan in die Bybel. Die waarheid van God se Woord sal jou vrymaak.

Is die woorde wat jy praat opbouend en bemoedig dit mense? Ai, ons kan soms so vinnig wees met ons woorde en daarna is ons jammer dat ons iets gesê het. Dit is nie maklik om verkeerde woorde weer terug te roep nie – want die woorde wat uit ons mond gekom het, is uit.

Maar dank God dat ons opbouende woorde kan spreek.
Dit is altyd wonderlik om na iemand te luister wat dit beoefen.
So moet jy en ek ook wees. Ons kan gerus almal daaraan werk.

## Ons het 'n noodnommer – 911

**Psalm 91:1** Die Boodskap: *"As jy na die allerhoogste God toe gaan dat Hy jou moet oppas, kan jy van een ding seker wees: Die almagtige God sal jou bewaar."*

Wanneer jy 'n noodnommer bel, verwag jy om dadelik kontak te maak met iemand wat jou kan help. Jy verwag ook om gou deur te kom en iemand te kry wat na jou sal luister en jou hulp aanbied. Dank God – ons het 'n noodnommer 911 – of soos ons dit ken Psalm 91:1.

As jy na God gaan, dan weet jy Hy sal jou hoor en jou oppas. Jy weet die almagtige God sal jou bewaar van gevaar. Hy sal jou uit enige moeilikheid kom haal. Dit is ook Hy wat jou sal beskerm, daarom kan jy by Hom gaan wegkruip. Jy hoef nooit bang te wees vir enige mag wat jou bedags of ook in die nag wil oorrompel nie. Geen bose gees sal jou onverwags in besit neem nie. Nie eers 'n gevaarlike siekte wat jou van agter af bekruip, of 'n epidemie wat jou wil oorval, sal jou kwaad aandoen nie. Al is die gevaar rondom jou so groot dat duisende mense langs jou doodgaan – al sterf derduisende mense naby jou, sal jy niks oorkom nie. (Aangehaal uit Die Boodskap)

Hierdie noodnommer, naamlik om tot God te roep, is dag en nag tot jou beskikking. Hy het belowe in Jes. 59:1 *"Kyk, die hand van die Here is nie te kort om te help nie, en Sy oor is nie te swaar om te hoor nie."* Ek hou nogal van Die Lewende Bybel se vertaling, naamlik: *"Onthou (dit meen dat jy nie moet vergeet nie) die Here het nie Sy krag verloor sodat Hy nie meer kan verlos nie. Sy ore het ook nie so doof geword dat Hy nie meer kan hoor as julle bid nie."*

Neem weer kennis dat jy altyd 'n noodnommer het.
Jesus het die deur vir jou oopgemaak na jou hemelse Vader.
Gaan na die Here toe met die grootste vrymoedigheid.

**Hanteer jou probleem vandag!**
**Prediker 9:10** *"Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag…"*

Dit is treffend hoe maklik kan ons uitstel om dinge te doen. Geen wonder die wyse koning Salomo het ons teks neergeskryf nie. Dit leer ons om wat ons moet doen, te doen met alle krag wat ons het. Van uitstal kom afstel, bly 'n groot waarheid.

In Exodus 8 lees ons van die tweede plaag in Egipte, toe die hele land oortrek was met paddas. Daar was paddas in die huise van die Egiptenare, op hulle beddens asook in hulle bakskottels. Ons lees ook dat die paddas teen hulle opgespring het. Dit moes baie onaangenaam gewees het. In Ex. 8:9,10 lees ons dat Moses vir Farao gevra het wanneer moet hy bid dat die Here die paddas sou wegneem. Farao se antwoord vind ons in vers 10: *"En hy (Farao) antwoord: Teen môre. Toe sê hy (Moses) Dit sal wees volgens u woord, dat u kan weet dat daar niemand is soos die Here onse God nie."*

Kan jy dink dat Farao gesê het "môre" moet die paddas verwyder word? Ons dink dit was iets baie dom wat Farao gesê het, maar hoe hanteer jy jou probleme? Hanteer jou probleme voordat dit te groot geword het om dit te kan hanteer.

As hulle vir Al Capone (een van die mees bekendste boewe) uit Chicago geskop het terwyl hy nog 'n kleinskaalse misdadiger was, sou dit nie later so moeilik gewees het om hom vas te trek nie. Die stad van Chicago moes uiteindelik die weermag inroep om hom in hegtenis te neem.

Moenie toelaat dat jou probleem te groot word nie.
Neem 'n duidelik besluit om elke probleem te hanteer.
Wat jy doen moet jy met al jou mag doen.

## Ken jy ware lewe?

**Romeine 1:17** Die Boodskap: *"Daar staan immers in die Bybel geskryf: Almal wat deur God van hulle sondes vrygespreek is omdat hulle glo, sal die ware lewe ken."*
Die Lewende Bybel vertaal ons teks met: *"As 'n mens deur die geloof in die regte verhouding tot God gekom het, dan lewe hy werklik."*

As jy weet dat God jou sondes vergewe het en seker is van jou doel in die lewe sal jy een van die gelukkigste mense wees wat leef. Dit is dan dat 'n mens werklik begin lewe. Voor dit was ons dood in sonde. Die boek "Doelgerigte Lewe" of soos ons dit beter ken "Purpose Driven Life" wat geskryf was deur Rick Warren, het aan miljoene mense rigting gegee hoe om werklik te lewe.

Mag ek jou vra om die volgende te antwoord? Is jy gelukkig in jou werk, jou studies en in jou huwelik? Ek sê altyd: *"A happy wife is a happy life."* Spreuke 23:7 sê soos 'n mens in sy binneste is, so is hy. Die Engelse Bybel vertaal dit met: *"For as he thinks in his heart, so is he."* Net jy (en God) weet of jy die ware lewe ken.

Paulus sê in Gal. 2:20 *"Ek is ook saam met Christus op die kruis doodgemaak. Nou leef ek nie meer nie, maar dit is Christus wat in my leef. Hoewel ek nog hier op aarde lewe, leef ek in die vertroue op die Seun van God wat sy lewe vir my opgeoffer het omdat Hy my liefgehad het."* (Die Lewende Bybel)

Dank God vir die oorvloedige lewe in Jesus Christus.
In Hom sal jy altyd meer as oorwinnaar wees.
Leef voluit en geniet jou lewe in Christus!

## Loof God vir engele

**Psalm 103:20** *"Loof die Here, Sy engele, kragtige helde wat Sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van Sy woord!"*

Psalm 103 is een van die mooiste Psalms wat Dawid geskryf het. Hier vind ons vyf voordele wat daar vir ons is wanneer ons lof aan God gee. Lees hierdie Psalm totdat jy ook verstaan wat hierdie voordele is. In ons teks word die engele geloof omdat hulle kragtige helde is wat aan God gehoorsaam is en na Sy stem luister.

Moet nooit die mag van een engel onderskat nie. Daar was 'n oorlog tussen Assirië en Israel. En in 2 Kon. 19 lees ons hoe een engel die oorlog vir Israel gewen het. Vers 35 lees sooos volg: *"Daardie nag het 'n engel van die Here gegaan en honderd vyf en tagtig duisend man in die Assiriese kamp doodgemaak. Toe die Assiriërs die môre vroeg opstaan, lê die lyke almal daar."* Het jy gesien wat een engel kan vermag? Moet dus nooit twyfel dat jy aan die wenkant is nie.

Dank die Here vir Ps. 32:8, wat sê: *"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees en red hulle uit."* Al wat jy moet doen, is om die Here te vrees, of anders gestel, Hom te eer. In Ps. 91: 10,11 beloof die Here: *"Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie; want Hy sal Sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë."*

Waarom sou ons vrees in die lig van hierdie waarhede?
As God vir ons is, wie kan teen ons wees? (Rom. 8:31)
Loof God vir Sy engele as dienende geeste. (Heb. 1:14)

**Die Heilige Gees help ons om te onthou**
**Johannes 14:25,26** *"Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle was; maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat ek vir julle gesê het."*

As mens kan ons so maklik vergeet, maar ek is so dankbaar dat die Heilige Gees leer ons nie net nie maar herinner ons aan alle waarhede van God se Woord. Maar neem kennis: Jy moet daardie waarhede eers geleer het. Dit werk soos 'n ATM masjien by die bank. Jy kan net onttrek wat jy in die bank het. Wat het jy in jou "geestelike bank" gedeponeer wat jy weer kan onttrek? Want op die regte tyd sal die Heilige Gees jou herinner wanneer jy 'n waarheid dringend nodig het.

"The Amplified Bible" vertaal die laaste sin van ons teks, hierbo, met: *"And He will cause you to recall (will remind you of, bring to your remembrance) everything I have told you."* Wat God aan ons wou sê is opgeteken in die Bybel. Indien ons wil weet wat die Here se woord aan ons is, lees ons die Bybel. Ons is dankbaar vir al die beloftes wat in die Bybel is. Omdat ons menslik is kan ons nie alles onthou wat ons gelees het nie – dit is dan dat die Heilige Gees ons help om te onthou.

Ons moet net toesien dat ons altyd God se Gees toelaat om in ons te werk, en ons te lei in alle waarheid. Moenie die Heilige Gees bedroef nie, maar leef so dat God sal glimlag oor jou. Ek dank die Here vir Rom. 8:14 wat sê: *"Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God."*

Die Woord wat in jou is sal weer in jou hart opgeroep word.
Vra die Heilige Gees om jou te herinner aan wat jy nodig het.
Ek vra baie keer die Heilige ook waar iets is wat ek soek!

## God hou nie langer ons sondes teen ons nie

**2 Korintiërs 5:19** Die Boodskap: *"Deur Christus se sterwe het God vrede tussen Hom en die wêreld kom maak omdat Hy nie langer mense se sondes teen hulle hou nie. Dit is die goeie nuus wat ek nou oral bekendmaak."*

Die boodskap in 2 Kor. 5 gaan oor die bediening van versoening. Versoening is om vrede tussen mense te bring. Dit is een van ons grootste bedieninge wat ons het as gelowige, naamlik om vrede te bring waar ons woon en waar ons sou kom. Geen wonder dat Jesus gesê het in Matt. 5:9 *"Salig (geseënd) is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."* Dit kom hierop neer, dat indien iemand nie wil vrede maak nie, kan hy homself nie as 'n ware kind van God beskou nie.

Om hierdie boodskap beter te verstaan – naamlik dat God nie langer die sondes wat ons gedoen het, teen ons hou nie – moet jy 2 Kor. 5:21 glo. Daar lees ons: *"Nou sê God as ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie."* (Die Lewende Bybel) Loof die Here!

Kyk weer mooi na die laaste sin in ons teks, waar Paulus sê: *"Dit is die goeie nuus wat ek nou oral bekendmaak."* Jy en ek moet hierdie boodskap ook aan ander bring omdat daar baie is wat, soos die verlore seun, glo dat hulle nie werd is om God se kind te wees nie. Vir hulle moet ons hierdie boodskap oordra dat hulle vry gemaak is deur die versoening wat Jesus gebring het.

Natuurlik geld hierdie boodskap vandag ook vir jou.
Die Here wil jou gebruik in jou bediening van versoening.
Dra die boodskap van vrede oor aan almal wat dit nodig het.

# Wat verhinder ons gebede?

**Jakobus 1:6** Die Lewende Bybel: *"Maar as 'n mens bid, moet jy op God vertrou en nie oor Hom twyfel nie. Iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind opgejaag en dan in enige rigting gedryf word."*

Die rede dat ons bid is om antwoorde te kry. Natuurlik moet ons in die wil van die Here bid. Jesus het gesê in Joh. 15:7: *"As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry."* Dit meen tog dat jy nie enige ding kan vra en verwag om dit te kry nie. Die voorwaarde is om in Hom te bly en volgens Sy Woord te vra.

Volgens ons Skrifgedeelte moet ons ook nie twyfel wanneer ons bid nie, want dan sal ons wees soos 'n brander van die see wat deur die wind gedryf word – en soos wat vers 7 sê moet dié soort mens nie dink hy sal iets van die Here ontvang nie.

Nog iets wat, veral die mans, se gebede verhinder, vind on ons 1 Petrus 3:7. Daar lees ons: *"Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakkere geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder."* Die 1953 vertaling sê: *"Sodat julle gebede nie verhinder mag word nie."*

Maak seker dat jy altyd volgens God se wil bid.
Jy sal dit weet want Sy Gees sal met jou saamstem of nie.
Gebed is ons voorreg om met God te praat – doen dit gereeld.

## Gaan na God met ‘n eerlike hart

**Hebreërs 10:22** Die Lewende Bybel: *"Laat ons dan ingaan na God toe met ‘n eerlike hart wat op Hom vertrou, want ons harte is rein gemaak deur die bloed van Jesus Christus wat daarop gesprinkel is en ons liggame is gewas met skoon water."*

Kom ons loof en dank Jesus, dat Hy Sy bloed laat vloei het, sodat ons met sekerheid tot God kan gaan. Deur Sy dood aan die kruis het Hy ons gehelp om sonder skuld na Hom te gaan in gebed. Daar is ander vertalings wat praat van "'n opregte hart" wat ons ontvang het, om in God se teenwoordigheid te kom.

Ek is so dankbaar vir wat geskrywe staan in Rom. 8:1: *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."* Moet dus nie toelaat dat die duiwel enige skuld op jou laai nie, maar doen wat geskrywe staan in Jak. 4:7: *"Onderwerp jou dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug."* Die duiwel het geen kans nie, hy sal van jou af moet wegvlug indien jy hom weerstaan – en jy weerstaan hom met God se woord.

Moet nooit twyfel of jy welkom is in God se teenwoordigheid nie. Jesus het ons weg voorberei na God se troon, deur die versoening wat Hy bewerk het aan die kruis. Hy het vir ons ‘n volmaakte prys betaal.

Ondersoek net jouself of jou hart eerlik is voor die Here.
Net jy en God weet wat die antwoord hierop is.
Die Here wag om te hoor wat op jou hart is!

## God is ons Geneesheer

**Exodus 15:26** *"As jy getrou na die stem van die Here jou God luister en doen wat reg is in Sy oë, en luister na Sy gebooie en al Sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die Here wat jou gesond maak." (Of: "Ek is die Here wat jou gesond hou.")*

As God hierdie belofte gegee het vir twee miljoen Jode, toe Hy hulle bevry het uit hul slawediens in Egipte, dan gee Hy verseker ook hierdie belofte aan ons vandag. Voorwaar God is die een wat ons gesond maak – Hy is die een wat ons gesond hou. Moet nooit minder as dit glo nie – al lyk dinge nie altyd goed nie.

Ken jy die teks wat geskrywe staan in Deut. 8:4? Want hier kan ons sien hoe God vir Israel voorsien het en hoe gesond Hy hulle gehou het. Dink mooi wat daar geskrywe staan. Dit lees soos volg: *"Jou klere het aan jou nie verslyt nie en jou voet het nou veertig jaar lank nie geswel nie."* Al die jare in die bloedige son in die woestyn, en tog wys dit hoe gesond hulle was!

Alle beloftes van die Here is gekoppel aan 'n voorwaarde, en elke voorwaarde is ook gekoppel aan 'n belofte. Ons lees in 2 Kor. 1:20: *"Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, Tot heerlikheid van God deur ons."* En in 1 Pet. 2:22 belowe die Here, die volgende: *"Deur Sy wonde is julle genees."*

Ons is dankbaar vir wat geneeshere doen – my eie seun is een.
Maar onthou dat God altyd die laaste sê het oor elke mens.
Dit is Hy wat genesing gee as daar geen hoop meer is nie.

**Die Gees teenoor die vlees**

**Romeine 8:5,8,11** *(Vers 5) "Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. (Vers 8) En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie. (Vers 11) En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur Sy Gees wat in julle woon."*

Romeine 8 is een van die uitstaande hoofstukke in die Bybel – dit is 'n belangrike hoofstuk wat elke gelowige moet ken. Daarin vind ons waarhede wat ons sal leer hoe ons in oorwinning kan leef indien ons sal toelaat dat die Heilige Gees ons lewe sal beheer. In vers een begin hierdie hoofstuk met: *"Goeie nuus! God se oordeel is vir altyd verby vir elkeen wat aan Christus Jesus behoort."* (Die Boodskap)

Jy sal weet dat jy in die Gees wandel, indien jou denke altyd vol is van geestelike dinge. En soos Die Boodskap dit stel in Vers 5: *"Mense wat toelaat dat die sonde oor hulle lewens baasspeel, se koppe is heeltyd besig met die sonde."* Jy sien, soos 'n mens dink so is hy. Ons gedagtes en ons gesindheid bepaal ons karakter.

Ek weet vers 11 vertel ons dat ons eendag, net soos Christus, opgewek sal word. Maar ek glo die laaste deel van hierdie vers ons ook leer dat die Heilige Gees ons sterflike liggame kan vernuwe en heelmaak, terwyl ons nog op aarde is. Dit maak nie saak hoeveel kwale en siektes ons het nie – die Heilige Gees wat in ons woon kan ons liggame nuut maak. Hy het dit al vir my gedoen, waarvoor ek Hom al die lof en eer gee.

Ons hele lewe gaan altyd oor die Gees en die vlees.<br>
Watter een gaan jy toelaat om in jou lewe te heers?<br>
Die wat in die vlees is, kan God nooit behaag nie.

# God wil ons lippe aanraak

**Jesaja 6:5-7** *"Toe het ek (Jesaja) gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is...Maar een van die serafs het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar geneem het en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak en jou skuld is weg en jou sonde versoen."*

Om te dink Jesaja was 'n profeet en hy sê dat sy lippe onrein is, maar ook dat hy gewoon het onder mense wat ook onrein lippe gehad het. Hoe vergelyk ons volk met hulle in die tyd van Jesaja? Luister hoe praat mense, dan sal jy 'n antwoord kry. Daarom is my boodskap vandag dat God ons lippe wil aanraak. Want indien ons manier van praat kan verander, sal ons lewens verander. (Soos jy praat, so is jy.)

God het ook Sagaria, die priester se lippe aangeraak. Omdat hy en sy vrou oud was, kon hy nie glo dat hulle 'n seun sou ontvang nie. Weens sy ongeloof het hy stom geraak, totdat hy ná die geboorte van Johannes, sy seun se naam op 'n bordjie geskryf het. Daardie oomblik het God sy mond aangeraak en kon hy praat en God loof. (Lees dié verhaal in Lukas 1:57-65)

Een aanraking van die Here maak altyd 'n groot verskil.
Daar is baie voorbeelde wat Jesus se aanraking vir mense beteken het.
Het jy het ook 'n begeerte dat God jou lippe sal aanraak?

## Bemoedig mekaar

**1 Tessalonisense 5:9,11** Die Lewende Bybel: *"God het ons nie uitgekies om ons te straf nie, maar om ons te red op grond van wat onse Here Jesus Christus vir ons gedoen het. Daarom moet julle aanhou om mekaar aan te moedig en te help soos julle reeds doen."*

Gelukkig kon Paulus die gemeente van Tessalonisense prys, omdat hulle besig was om mekaar te bemoedig. Om mekaar te bemoedig kom ongeveer een honderd keer voor in die Nuwe Testament. God beskou dit dus as iets baie belangriks wat ons behoort te doen.

Gelukkig is dit nie iets moeilik om te doen nie. Soms is dit net 'n glimlag wat ons gee, of 'n WhatsApp wat ons stuur en 'n telefoon oproep. Moet ook nie altyd probeer om vir iemand te preek nie, en wees natuurlik en opreg. Moet nie iets vir iemand sê as jy dit nie bedoel nie. Ons lees in Spreuke 16:24: *"Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek; soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente."* Onthou dié woorde wanneer jy met 'n persoon gesels wat siek is. Moenie vir die siek persoon sê hy of sy lyk net soos jou ouma gelyk het pas voor haar dood nie! Spreek lewe in mense, al lyk hulle nie vir jou goed nie.

Een van my geliefde Skrifte wat ek gebruik om mense te bemoedig staan geskrywe in Psalm 37:4, naamlik: *"Verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart."* Jy moet jouself "geniet" in die Here, dan sal jy sien hoe die Here die begeertes van jou hart aan jou sal gee.

In die Bybel lees ons dat Barnabas 'n bemoediger was.
Ons het baie van hulle nodig in die tyd waarin ons lewe.
Gaan jy ook 'n vaste besluit neem om mense moed in te praat?

## Ons eie Getsémané

**Markus 14:32** *"Toe kom hulle in 'n plek waarvan die naam Getsémané was. En Hy (Jesus) sê vir Sy dissipels: Sit hier onderwyl Ek gaan bid."*

Getsémané was 'n plek in Jerusalem waar daar 'n olie pers was. Vandag is daar nog agt van die oorspronklike olyfbome wat daar was toe Jesus daar gebid het. Dit is net oorkant die Kidron Vallei. Dit is hier waar Jesus deur die nag gebid het net voor Sy kruisiging. Dit is hier waar Sy sweet soos bloeddruppels geword het, en waar Hy Sy Vader gevra het om die bitter beker van Hom weg te neem, maar tog bereid was om dit te drink.

Ons kom ook met tye by ons eie Getsémané. Dit is waar ons moet "worstel" in gebed. Dit is wanneer ons nie op 'n gewone manier bid nie en soms nie weet hoe ons moet bid nie. Gelukkig kom die Heilige Gees ons dan tot hulp, soos wat ons lees in Rom. 8:26.

Jou gebede is baie kosbaar vir God. Ons lees in Open. 5:8: *"…en toe Hy (Jesus) die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, <u>wat die gebed van die heiliges is</u>."* Neem kennis dat jou gebede vir die Here só waardevol is dat dit bewaar word. Moet dus nooit dink dat wat jy bid nie belangrik is nie.

Miskien is jy tans by jou eie Getsémané? Waar jy ernstiger as gewoonlik besig is om te bid en God te soek? Daardie dag het die engele Jesus versterk, toe Hy vir ons gebid het. God sal Sy engele ook gebruik om vir jou dieselfde te doen.

Moet net nie ophou bid nie, maar bly ernstig bid.
Sy krag en genade sal vir jou altyd genoeg wees.
Die ou koortjie sê: *"Bid maar deur jy sal die antwoord kry."*

# Staan en aanskou God se redding!

**2 Kronieke 20:17** *"…julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die Here…"*

Hierdie was die woorde wat koning Jósafat vir Juda gesê het, toe 'n menigte nasies teen hulle opgetrek het. Die verhaal in 2 Kronieke 20 bly die moeite werd om te lees. Hierdie teks laat my ook dink aan die goeie raad wat Paulus aan ons gegee het rakende ons geveg met die bose magte in die lug. In Ef. 6:14 sê Paulus: *"Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan…"*

Die waarheid wat ons leer in Ef. 6: 13,14, is dat nadat ons God se wapenrusting opgeneem het, moet ons staande bly en vasstaan. Dit meen niks moet ons kan laat wankel nie. Jy sien, al glo ons en al het ons kragtige wapens, moet ons nie dink die vyand sal nie probeer om ons aan te val nie. As hy ons vir 'n oomblik kan laat twyfel, weet hy dat jy en ek ons staanplek in die Here kan verloor.

Kyk weer mooi na ons teks en neem kennis dat die Here eintlik vir jou sê dat die geveg waarin jy is, is ook Syne. Sorg dat jy wel God se wapenrusting aan het, maar weet jy is nie alleen in die stryd nie. God beloof om altyd met jou te wees en dat jy by Hom kan skuil. Glo dit en staan jy net vas op al die beloftes in Sy Woord.

Is dit nie wonderlik om te weet ons is aan die wenkant nie?
Hy wat by ons is, is baie meer as hulle wat teen ons is.
Jesus het die volle prys vir jou betaal – aanvaar dit.

# **God dra ons – dag vir dag**

**Psalm 68:20** NAV: *"Geloof sy die Here! Dag na dag dra Hy ons! God is ons hulp!"*

Daar is baie Skrifgedeeltes in die Bybel wat ons vertel dat God ons dra. Ons teks is een van die mooistes. In Jes. 40:11 lees ons dat God ons in Sy arms sal dra soos wat 'n herder sy lammers sal dra. Ek haal die teks aan soos volg: *"Hy sal Sy kudde laat wei soon 'n herder; Hy sal die lammers in Sy arm vergader en aan Sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei."*

Dan kry ons die belofte in Jes. 46:3,4: *"Luister na My…julle wat deur My gedra is van die moederskoot af, opgeneem is van die geboorte af; en tot die ouderdom toe is Ek dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra…"* Indien jy nog nie 'n gryskop is nie, deel hierdie belofte met iemand wat dit moet hoor.

Ons lees in Deut. 1:31 dat God vir Israel herinner het hoe Hy hulle in die woestyn gedra het. Ek wil glo dat God jou en my ook tot vandag toe gedra het, anders sou ons dit nooit kon maak nie. Alles was net genade, tot hierdie dag.

Waar ons nie meer self kon loop nie, was God daar om Sy hand onder ons in te steek en ons te dra. In Joh. 10:27,28 sê Jesus: *"My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My…en niemand sal hulle uit My hand ruk nie."*

Onthou hierdie waarheid as jy moeg word, dat God jou dra.
En weet dat Hy jou nie net soms wil dra nie, maar dag vir dag.
Loof en prys die Here omdat jy daarvan bewus is!